LitNet Akademies Jaargang 23, Nommer 1, 2026, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

# Portugese kruisvaarders langs die kus van Afrika

**Helena Liebenberg**

Helena Liebenberg, onafhanklike navorser



**Vasco da Gama vertrek na Indië**
Skildery deur Alfredo Roque Gameiro
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

***Opsomming***

Hierdie oorsigartikel het ten doel om chronologies aan die hand van beskikbare bronne enkele belangrike aspekte te bespreek rakende die teenwoordigheid en invloed van Portugese seevaarders oor die algemeen en die drie kruisvaarders (so genoem vanweë die klipkruise wat hulle langs die roete geplant het) langs die Afrikakus in die besonder; wat laasgenoemdes se ontdekkingsreise voorafgegaan en wat daarop gevolg het; van watter waarde die Portugese kultuurhistoriese erflating op taalkundige en demografiese gebied geag word; en laastens hoe die gebeure sowel in Suid-Afrika as Portugal neerslag in onder andere herinneringsartefakte gevind het.

Eerstens word aandag gegee aan die aanloop tot die ontdekkingsvaarte, en watter gebeurtenisse en beskouings ten grondslag gelê en aanleiding gegee het tot die opbloei van die 15de-eeuse Portugese seevaartbedryf. Dit sluit in die aanloop tot die kruisvaarte waartydens die Tempelorde en latere ordes deurslaggewend was. Skakeling met bestaande Christenryke in Noord-Afrika sou as buffersones teen Arabiese en Moslemoorheersing dien.

Vervolgens word die drie kruisvaarders, Diogo Cão, Bartolomeu Dias en Vasco da Gama, en hul onderskeie roetes langs die Afrikakus op soek na ’n seeweg na Indië bespreek. Hoewel António de Saldanha en António de Almeida nie nodig gehad het om klipkruise op te rig nie, het hulle wel aan die Suidpunt aan land gegaan en is gevolglik van belang. Die verloop van die ontdekkingsgeskiedenis en die uitbreiding van die Portugese invloedsfeer in die Ooste op beide godsdienstige en ekonomiese gebied, kom onder die loep.

Die vestiging van ’n VOC-nedersetting aan *Cabo de boa Esperanza* en die plaaslike regering se beskouing van Portugese teenwoordigheid, asook enkele aangetekende Portugese ongevalle langs die Afrikakus word bespreek. Plaaslike pleknaamgewing as blywende bewys van die ontdekkingsreisigers se teenwoordigheid word aangetoon. Die mate waarin Portugese teenwoordigheid die plaaslike bevolkingsamestelling beïnvloed het, word toegelig. Laastens word ’n brug geslaan tussen toe en nou tydens ’n bespreking van enkele tasbare bewyse van wedersydse eerbetoon aan Dias en Da Gama deur die destydse regerings en instansies van Suid-Afrika en Portugal.

Gegewens word deurgaans ondersteun deur primêre, sekondêre en elektroniese bronne (o.a. argiefdokumentasie en kaarte) en versterk deur illustrasies.

**Trefwoorde:** Christengemeenskappe in Afrika en die Ooste; Christenordes in Europa; demografie; getranskribeerde Kaapse argiefinhoud; klipkruise op land; Portugese maritieme geskiedenis en rolspelers; Portugese ontdekkingsreisigers langs die Afrikakus; Portugese pleknaamgewing; skeepswrakke langs die Suider-Afrikaanse kus; VOC-tydperk; wedersydse eerbetoon

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

***Abstract***

**Portuguese explorers along the African coast**

This review article aims to follow and present the common Portuguese and Cape stories chronologically as far as possible. The present research shows where the separate lines of events are reflected in the course of Cape and by extension South African history.

Firstly, attention is paid to the run-up to the voyages of discovery, and what events and views formed the basis and led to the flourishing of the Portuguese maritime industry. This industry developed over centuries from successive expeditions during which experience was gained of the oceans and seas in and around Europe, and important contributions were made by astronomers, navigators, mathematicians and cartographers.

The discovery of a sea route around the southern tip of Africa to India did not happen all at once, but was preceded by a series of events that flowed together into a fascinating story that began in the Middle Ages with the founding of the Order of the Templars. This was a military group established at the end of the 11th century during the Crusades. Because this formidable and profitable organisation, which was strongly supported especially in France, posed a perceived threat to the king and church there, it was violently persecuted in 1307 and seemingly perished, but re-emerged in 1318 in Portugal as the Order of Christ.

Portugal's royal family and nobility, who were members of the Order, were looking for Christian kingdoms in Africa and the East to serve as a counterweight to Muslim invasion and takeover. This impetus initially led to the renewed flourishing of Portuguese seafaring activities, especially in the 15th century.

Prince Henry the Navigator (1394–1460) made a crucial contribution to the development of Portuguese maritime industry. He founded, among other things, the navigation school at Sagres where future navigators were best trained for their task. His greatest desire was to make contact with the Christian land of Prester John, which was said to be located in Ethiopia. He wanted to achieve this by sailing around Africa, as the shorter route was blocked by hostile Muslim forces.

Coupled with this was the search for an unthreatened sea route to the East, since distant India was said to also contain a bastion of fellow believers, including the Saint Thomas Christians. Portugal, however, saw a breakthrough to India as an ideal opportunity not only to spread the Christian faith there, but also to establish a trading empire that could bring great material benefit to the homeland.

Three Portuguese explorers, Diogo Cão, Bartolomeu Dias and Vasco da Gama, undertook pioneering voyages along the coast of Africa in search of such a sea route under official instructions. Each was expected to erect a stone cross where he went ashore, thereby claiming Portuguese ownership of that area. Although António de Saldanha and Francisco de Almeida did not discover the sea route around the Cape, both did set foot in Cape Bay and are therefore of interest for Cape history.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Diogo Cão reached Angola on his first voyage (1482–4) and on his return sailed 170 km up the Congo River to the Yellala Falls. On his second voyage (1484–6) he sailed south along the coast to Kruiskaap (close to present-day Swakopmund, Namibia) where he died. He erected four stone crosses along the coast.

During his only voyage (1487–8) Bartolomeu Dias sailed around Cape Point without realising it, went ashore on 3 February 1488 at *Aguada de São Bras* (present-day Mossel Bay) and then sailed to *Santa Cruz* (present-day Kwaaihoek, Eastern Cape) where he had to turn around at the insistence of his crew. On the return voyage, he erected three crosses.

Although honour also goes to the other navigators along the African coast, Dias is singled out for his enormous contribution to the discovery, naming and opening of *Cabo de Boa Esperanza* at the southern tip of Africa, as access to North and West Africa already existed. During his voyage, Dias also studied the prevailing winds in the South Atlantic Ocean, thereby indicating the best sea routes for future explorers. This enabled European cartographers to show the coastline of Africa much more faithfully on their maps, for example the Martellus map (c. 1489) and the Cantino planisphere (1502).

Dias established the first cultural connection between South Africa and Portugal, paving the way for the later presence of the Dutch East India Company (VOC) with a shared European and Western heritage at the Cape. Exactly 264 years after his epic voyage around the southern tip of Africa and 149 years after De Saldanha entered Cape Bay, the VOC established the Dutch settlement at the southern tip of Africa in 1652.

The third navigator was Vasco da Gama who, during his voyage of discovery (1497–8), also sailed around Cape Point, stopping at *Angra de São Bras* (Mossel Bay) as Dias did, and when he passed the coast of Pondoland he called the place *Terro do Natal*. On his unsuccessful search for Prester John he stopped at Kilimani and Malindi located on the northeast coast of Africa. He then sailed to India where he reached Calicut in May, met the Saint Thomas Christians and then began the return voyage. During his voyage he erected six stone crosses. After Vasco da Gama opened the sea route to India on behalf of Europe, the Portuguese expansion in the Indian Ocean was remarkable and the Portuguese became a major role-player in the East.

The Portuguese Atlantic slave trade had already begun between 1336 and 1341 when Portuguese traders brought the first Canarian slaves to Europe. In 1526, Portuguese sailors took the first shipload of African slaves to Brazil, thus establishing the triangular Atlantic slave trade route. Probably one of the most important mentions of a Portuguese ship during the VOC era at the Cape was that of a Portuguese slave ship that was hijacked from Angola en route to Brazil by the crew of the Dutch ship Amersfoort, resulting in the first group of much-needed slaves being brought to the Cape in 1658.

Portuguese place names assigned during the various voyages around the southern African coast are of particular place-name value locally and are still considered a linguistic enrichment of/in Afrikaans. The journals and maps by Dias and Da Gama contain a wealth of Portuguese place names and correspond to the usage in later VOC journals, in which a large number of place names also appear, mostly of Dutch, Portuguese or indigenous origin. Indigenous place names are alternated with names in Portuguese, which indicates the important naming influence that this language had on the land and sea maps of the past.

Over time, people of Portuguese origin, both descendants of progenitors Ferreira and De Oliveira as well as immigrants, made this southern country their home. They thus became part of South African society and played a role in the demographics of the country. In the 20th century, many Portuguese immigrated to South Africa from Madeira, Angola and Mozambique. In many South African cities and towns there are Portuguese communities who, although traditional, have adapted well to the local way of life.

In South Africa, Portugal and elsewhere, there are tangible examples of mutual recognition and respect between the two countries (statues and other artefacts). South Africa's beautiful evidence of the original connection between Portugal and this country is laid out at the foot of the giant *Padrão dos Descobrimentos* ("Monument of the Discoveries") in Lisbon: a giant marble work of art consisting of a 32-point compass rose with a map of all the routes and dates of the Portuguese sea voyages, which spanned almost the entire globe. The traditional Portuguese wave pattern frames the map and compass rose as decoration.

The initial Templar quest for and support of Christian kingdoms in Northeast Africa and the East by the Portuguese unwittingly laid the foundation for the future establishment and development of a Christian kingdom at the southern tip of Africa. After 370 years of spiritual ministering, the 2022 census shows that approximately 85% of the South African population consider themselves Christians.

Finally, it is stated that the present research relies heavily on primary source content cited from transcriptions of 17th and 18th century VOC documents in the Western Cape Archives and Records Service (Cape Town), as well as the National Archives of the Netherlands (The Hague), as once inaccessible information is now available for research purposes. Published sources as well as map material on the various topics are supplemented by sources on electronic platforms. The illustrations serve as clarification and reinforcement of the relevant text. Because verification of data is important, care was taken to consult more than one source on the same topic where possible to confirm, question or disagree with historical data.

**Keywords:** Christian communities in Africa and the East; Christian Orders in Europe; demography; mutual tributes; Portuguese explorers along the African coast; Portuguese maritime history and role-players; Portuguese placenames; Portuguese shipwrecks along the Southern African coast; stone crosses on land; transcribed Cape archival content; VOC period

## 1. Inleiding[1]

> Die Portugese seevaarder Bartolomeu Dias se ontdekking van die Kaap van Storms in 1488 en sy landgenoot Vasco da Gama se omseiling van die Kaap die Goeie Hoop in 1497 het 'n onverbreekbare historiese band tussen Portugal en Suid-Afrika gelê. (O.J.O. Ferreira 2008:xv)

Hierdie woorde deur Suid-Afrika se toonaangewendste navorser en kenner van die (ver)band tussen die twee lande begrond die onderhawige navorsing wat ten doel het om sover moontlik die gemeenskaplike Portugese en Kaapse verhale chronologies te volg en weer te gee. In die artikel word aangetoon waar die afsonderlike gebeurtenislyne ineengestrengeld neerslag vind in die verloop van die Kaapse en by uitbreiding die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Noukeurige aandag word verleen aan die belangrikste doelwit en bydrae van die Portugese seevaarders in die 15de eeu, naamlik die soeke na en ontdekking van 'n seeweg óm die suidpunt van

die groot en onbekende vasteland van Afrika op weg na die Ooste met ’n tweeledige uitbreidingsoogmerk op sowel geestelike as materiële gebied.

Portugal was op soek na Christenryke in Afrika en die Ooste om as teenvoeter vir Moslemindringing en -oorname te dien, veral nadat Konstantinopel in 1453 deur Islam oorgeneem is en die bestaande roetes na die Ooste om goedere te verhandel gevaarlik en duur geraak het. Hierdie dryfveer het aanvanklik aanleiding gegee tot die hernieude opbloei in die Portugese seevaartbedrywighede, veral in die 15de eeu, maar later is die aandag meer gerig op die uitbreiding van handel met die Ooste en gevolglike materiële voordeel vir Portugal.

Portugese naamgewing as blywende geografiese en toponimiese verryking van die Suider-Afrikaanse landskap geniet besondere aandag. Hoewel die invloed van die Portugese veel verder en wyer as pleknaamgewing strek, is die name wat hulle tydens hul onderskeie reise aan plekke toegeken het, ’n presiese aanduiding van die roete wat hulle gevolg het. Die gebiede langs die Afrikakus was tydens 15de-eeuse Portugese seevaarte geen uitsondering nie, aangesien inheemse plekname afgewissel is met benamings in Portugees, wat dui op die belangrike benoemingsinvloed wat dié taal onder andere op die land- en seekaarte van weleer gehad het.

Selfs wat die gedokumenteerde geskiedenis van Suid-Afrika betref, is die eerste plek wat in die VOC se Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop aangeteken is – in Jan van Riebeeck se gebed – juis die Portugese benaming van hierdie suidpunt wat reeds in 1488 deur Bartolomeu Dias toegeken en vir eeue daarna nog gebruik is, naamlik *Cabo de boa Esperanza* en enkele spellingvariasies daarvan:

> Nadien het uwe Goddelijcke Maijesteijt geliefft heefft ons te beroepen over ’t bestier der saacken van de Generale Vereenighde Nederlantse g’octroijeerde Oost Indische Compe. alhier aen *Cabo de Boa Esperance*ende wij ten dien eijnde met onsen bijhebbenden Raedt in uwen H. name vergadert sijn [...]. (C1, bl. 2, [Gebed]: 30 Desember 1651)

Die Portugese ontdekkingsreisigers het veel meer plekke tydens hul Afrika-seevaarte benoem as die aantal klipkruise wat hulle langs die roete opgerig het om Portugese teenwoordigheid te bevestig. Aangesien naamgewing dinamies van aard is en soos eb en vloed met lande en heersers dein of verdwyn, is heelwat Portugese name langs die Suid-Afrikaanse kuslyn sedertdien vervang deur byvoorbeeld Nederlandse vertalings in die VOC-tyd, of is daar mettertyd totaal ander name aan die plekke toegeken. ’n Goeie voorbeeld van verandering is die plaaslike pleknaamlandskap wat tans veel anders daar uitsien as enkele dekades gelede.

In die ondersoek word aandag gewy aan Portugese individue en gemeenskappe (buiten die seevaarders) wat ’n belangrike rol in die breër Suider-Afrikaanse geskiedenis gespeel het, asook hul bydrae op genealogiese en sosiale vlak.

Die onderhawige navorsing steun sterk op primêrebron-inhoud aangehaal uit transkripsies van veral 17de- en 18de-eeuse VOC-dokumente in die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens (Kaapstad), asook die Nationaal Archief Nederland (Den Haag). Sodanige transkripsies is van kardinale belang omdat eens ontoeganklike inligting nou beskikbaar is. Gepubliseerde bronne asook kaartmateriaal oor die onderskeie onderwerpe word aangevul deur bronne op elektroniese platforms. Die illustrasies dien as toeligting en versterking van die betrokke teks.

Die verifiëring van gegewens is van besondere belang geag; gevolglik is sorg gedra om waar moontlik, meer as een bron oor dieselfde onderwerp te raadpleeg ten einde geskiedkundige gegewens te bevestig, te bevraagteken (kyk Eindnota 18), of daarvan te verskil (kyk 3.2.1: Kaap

Infanta x Kaap Infante). Primêrebron-transkripsies word aangehaal om ’n bewering of gebeurtenis te staaf, iets wat tot in die onlangse verlede nie moontlik was nie, aangesien transkripsies van die betrokke gebeurtenis of persoon nie bestaan het nie (kyk 6.2: Manuel de Oliveira).

## 2. Waar begin die reis van die kruis?

Die ontdekking van ’n seeroete óm Afrika na Indië het nie meteens plaasgevind nie, maar is voorafgegaan deur ’n reeks gebeure wat ineenvloei tot ’n boeiende verhaal wat oor eeue strek.

### *2.1 Die Middeleeuse Tempelorde*

Die onderhawige reis begin by die Middeleeuse Tempelorde, ’n militêre groepering wat aan die einde van die 11de eeu tydens die Kruistogte tot stand gekom het. Godfried de Saint Omer (1076?–1160) en Hugues de Payens (c. 1070–1136) was twee van die stigterslede. De Payens is as eerste grootmeester benoem, terwyl die monnik en mistikus, Sint Bernard van Clairvaux[2] (1090–1153) beskermheer van die Orde was.

Die ridders was in diens van Christus en sy leringe, en ter verdediging van die Tempel van Salomo in Jerusalem[3] wat deur koning Boudewyn II aan Hugues de Payens en Godfried de Saint Omer opgedra is (Figuur 1). Die ridders se amptelike opdrag was om enige pelgrim wat in Jerusalem wou gaan aanbid, op pad en in die stad te beskerm. Die geheime opdrag was om kosbare artefakte, waarvan die Verbondsark die grootste vonds sou wees, in Jerusalem te vind, te ontruim en na plekke van veilige bewaring te neem. Die hoofkwartier was die Tempelberg[4] in die stad, gesetel in die Koninkryk van Jerusalem.




**Figuur 1. Koning Boudewyn[5] II dra die Tempel van Salomo op aan Hugues de Payens en Godfried de Saint Omer in die teenwoordigheid van Warmund, patriarg van Jerusalem (St. Omer: pleknaam in Frans-Vlaandere, tans in Frankryk)**
Skilder: Guillaume de Tyr, 13de eeu
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Die Tempelorde is georganiseer as ’n monnike-orde en word beskou as die eerste internasionale handelsorganisasie in Europa, toegerus met ’n uitnemende bankstelsel. Die organisatoriese struktuur het ’n vaste en streng gesagslyn gevolg. Elke land met ’n belangrike Tempeliersteenwoordigheid, soos die destydse Frankryk, Poitou, Anjou, Jerusalem, Engeland, Spanje, Portugal, Italië, Tripoli, Antiochië, Hongarye en Kroasië, het gefunksioneer onder aanvoering van ’n meester van die Orde.

Op die seel van die Orde (Figuur 2) omsluit die Latynse woorde *Sigillum:Militum* (“Seel van die Krygers/Militia”) twee ridders wat volgens oorlewering so arm was dat hulle ’n perd moes deel. Op die keersy omsluit die woorde *De Templo:Cristi* (“van die tempel van Christus”) die Rotskoepel as Tempel in Jerusalem, met ’n Christen-/Tempelierskruis heel bo. (Die tekening herinner aan die Al Aqsa-moskee in Jerusalem, tans onder Moslembeheer.)




**Figuur 2. Die seel van die Tempelorde: twee arm ridders op een perd ter verdediging van die Tempel van Christus in Jerusalem (Sigillum:Militum De Templo:Cristi)**
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Die hoofkwartier van die Orde het bestaan uit afdelings wat aan die grootmeester rekenskap gegee het. Die grootmeester is lewenslank aangestel, terwyl die ander tydelike aanstellings was. Die tweede in bevel was die *seneschal*,[6] wat in Afrikaans “rentmeester, hofmeester” beteken.


Die Tempeliers se drag (Figuur 3) is gekenmerk deur ’n wit mantel waarop ’n rooi kruis aangebring is.




**Figuur 3. Hugues de Payens geklee in Tempeliersdrag**
Skildery deur Henri Lehmann
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Die spesifieke kruisvorm word in Frans *la croix pattée*[7] genoem, waar *pattée* afgelei is van *patte* (pootvormig), aangesien dit vier plat uitstaande voete het wat herinner aan die pote van ’n dier. Dit word ook op mistieke vlak met ’n kelk[8] of kandelaar in verband gebring. Hierdie soort kruis verskyn reeds in kunswerke van die 7de eeu en vroeër.

Selfs vandag nog is die *croix pattée* ’n belangrike simbool en staan in Portugal as die *Crux da Ordem de Cristo* bekend. Dit is een van die land se belangrikste hedentydse nasionale embleme, soos die kenteken van die Portugese Lugmag.



**Figuur 4. Portugese Lugmag-kenteken**
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Die rooi kleur van die kruis was ’n simbool van martelaarskap en om in ’n geveg te sterf, is beskou as ’n groot eer. Die krygers of ridders van die Orde mog nooit oorgee nie, tensy die Tempeliersvlag geval het, en selfs dan moes hulle probeer om by ’n ander Christelike orde te hergroepeer. Eers nadat alle vlae geval het, is hulle toegelaat om die slagveld te verlaat. Vanweë hierdie streng beginsel, tesame met hul reputasie van moed, uitstekende opleiding en swaar bewapening, was die Tempeliers een van die mees gedugte en gevreesde gevegsmagte in die Middeleeue.

Die Tempelorde vorder tot ’n ryk en magtige internasionale broederskap van godsdienstige krygers en beskik oor omvangryke bates. Vanweë dreigende bankrotskap het koning Philip IV van Frankryk sy oog op dié rykdom en hy beïnvloed sy neef pous Clemens V wat in Avignon, Suid-Frankryk gesetel was, om teen die Tempeliers op te tree, asof hulle ’n bedreiging vir kroon en kerk sou inhou. Gevolglik vaardig Clemens op Vrydag, 13 Oktober 1307 ’n pouslike bul uit dat die Tempeliers in alle Christenlande gearresteer moes word. Die Orde was egter bewus daarvan en duisende van hulle ontsnap. So byvoorbeeld het die Tempeliersvloot voor die oggend van die arrestasies uit die La Rochelle-hawe gevaar en is nooit weer gesien nie.[9]

Tydens Jacques de Molay, laaste grootmeester van die Tempelorde, se sterwensuur op ’n brandstapel in Parys (1314), sê hy aan dié teenwoordig dat God die dood van hom en sy mede-Tempeliers[10] sou wreek. Sowel die Franse koning as die pous is binne ’n jaar na De Molay se heengaan kort na mekaar oorlede: “Philip and Clement V both died within a year of Molay’s execution; Clement succumbed to a long illness on 20 April 1314, and Philip died due to a stroke while hunting” (https://en.wikipedia.org/wiki/Jacques_de_Molay).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3




**Figuur 5. Gedenkteken in Parys ter ere van Jacques de Molay**
Bron: PHFCOM, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

Hoewel die verhore en inkwisisies in die ander Europese lande minder fel was as in Frankryk, lei die vervolging en beslaglegging op eiendom in 1312 tot die ontbinding van die orde in Frankryk, Engeland, Italië, Duitsland, Siprus en elders, waar die eiendom van die Tempeliers oorgedra is aan die Hospitaalridders wat aan die pous en kerk onderdanig was, in teenstelling met Portugal, asook die Koninkryke van Kastilië en Aragon wat hulle nie een hieraan onderwerp het nie.

Waarom dié gebiede? Die rede hiervoor was dat die twee Spaanse koninkryke verenig is met die huwelik van koningin Isabella van Kastilië en koning Ferdinand II van Aragon, waardeur hulle ’n gedugte alliansie gevorm het; die ontdekkingsreis van Columbus gefinansier het; en Spanje in Europa en veral in Noord- en Suid-Amerika tot ’n magtige ryk uitgebou het. Portugal, daarenteen, het as ’n stigtersland van die Tempelorde aan die vervolgde ridders ’n veilige hawe gebied en wou eerder sy invloedsfeer Afrikawaarts en in die Ooste uitbrei.

### *2.2 Portugal en die twee Ordes*

Portugal was die eerste land in Europa waar die Tempelorde, slegs twee of drie jaar ná die Orde se stigting in Jerusalem, gevestig is. En nou in die tyd van vervolging is die Tempeliers in Portugal slegs verhoor, maar vry van skuld bevind en nie gestraf nie. Na die ontbinding in 1312 gaan die Orde oënskynlik tot niet, maar was inderdaad ondergronds bedrywig en verrys soos die spreekwoordelike feniks in 1318 onder ’n nuwe naam as die Orde van Christus in Portugal en die Orde van Montesa in Spanje.

Die naamsverandering en terugkeer na Portugal was om te verhoed dat die Tempelorde se vaste bates aan die kerk oorgedra word. Met die goedkeuring van koning Diniz I van Portugal en toestemming deur die nuutverkose, goedgesinde pous is al hierdie bates aan die Orde van Christus oorgedra. In 1357 het die nuwe orde gevolglik die oorspronklike Tempelorde se hoofkwartier in die kasteel in Tomar in die distrik Santarém betrek.

Die bekende sirkelvormige kerk wat uit die laat 12de eeu dateer, herinner aan die Rotskoepel[11] in Jerusalem. Kenmerkend van die kerk is die koepelplafon en die klok in die toring.



**Figuur 6. Die kasteel in Tomar in die distrik Santarém**
Bron: João Carvalho, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

### *2.3 Prins Hendrik die Seevaarder (1394–1460)*

Intussen verloop daar etlike dekades en João I is nou die koning van Portugal. Op sy versoek word sy derde en jongste seun, prins Hendrik, later bekend as die Seevaarder (Figuur 7), aangewys as die grootmeester van die Orde van Christus, 'n lewenslange pos wat hy van 1417 tot met sy dood in 1460 beklee.



**Figuur 7. Prins Hendrik die Seevaarder**
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Die prins is toegelaat om die Orde van Christus se fondse te gebruik vir die stigting van die navigasieskool (Figuur 8) naby die dorpie Sagres. Die uitnemende opleiding stel kandidate in staat om die seevaartkennis wat hulle daar opdoen toe te pas tydens die groot golf van Portugese ontdekkingsreise om nuwe wêrelde te ontdek.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3



**Figuur 8. Lugfoto van Kaap Sagres met die navigasieskool gehuisves in die Fort van Sagres; die antieke kompasroos is links voor binne die fortmuur**
Bron: Bextrel, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 4.0), geplaas sonder aanpassings

Volgens Hancock (1993:168) beskryf Prins Hendrik se biograaf Zurara hom as ’n man wat beskik het oor oormatige krag van hart en skerpsinnigheid van gees, aangevul met ’n opregte begeerte tot groot en verhewe dade. Vandag is kennis van die reise wat deur hom aangevoor is, maar skraps vanweë die streng beleid van geheimhouding deur feite, argiefbronne, seegidse, kaarte, instruksies aan seevaarders en reisjoernale/-verslae van buitestanders te weerhou. Openbaring van inligting was selfs met die dood strafbaar.

Hendrik se grootste begeerte was om inligting te bekom oor die legendariese Christenland van Priester Jan wat na bewering in Ethiopië geleë was. Hy wou dit bereik deur óm Afrika te seil, aangesien die korter roete deur die Middellandse See en dan in die Rooi See via Egipte deur vyandige Moslemmagte geblokkeer is. Selfs voordat die Kaap die Goeie Hoop omseil is, is die kapteins van Portugese skepe wat dit langs die Wes-Afrikaanse kus gewaag het, opdrag gegee om navraag oor Priester Jan te doen en te bepaal of dit nie tog vinniger sou wees om sy koninkryk oorland te bereik nie.

As grootmeester van die Orde van Christus is Hendrik ook ingelyf in al die mistieke tradisies van die Orde van die Tempel van Salomo. Hy het homself verdiep in die studie van wiskunde en kosmografie, asook die gang van hemelliggame en astrologie, en het hom omgewe met geleerdes en sterrekundiges – manne wat sterk herinner het aan die Tempelridder Wolfram von Eschenbach[12] van Beiere se een *Parzival*-karakter: “[...] the heathen Flegetanis was said to have penetrated the hidden mysteries of the constellations” (Hancock 1993:515).

Nog ’n faktor wat daarop dui dat die Portugese prins diep beïnvloed was deur die Tempelorde se tradisies, was dat hy ongetroud gebly het soos al die grootmeesters voor hom.

Hy het ook sy testament op 13 Oktober 1460 opgestel – die 153ste herdenking van die arrestasies van die leiers van die Tempelorde in Frankryk – en is net daarna oorlede. Dit was eers vroeg in die 20ste eeu dat die inhoud van geheime argiefmateriaal oor sy lewe bekend gemaak is, waaronder ’n kort nota met die strekking dat ’n ambassadeur van Priester Jan Lissabon agt jaar voor Hendrik se dood besoek het. Dit is onbekend wat die doel van die sending was, of wat met die Ethiopiese gesant bespreek is. Wat wel insiggewend is, is dat die volgende Portugese koning, Alfonso V, twee jaar ná hierdie ontmoeting geestelike regsbevoegdheid oor Ethiopië aan die Orde van Christus toegestaan het.

### *2.4 Alexandrië, Aksum en Priester Jan in Afrika*

Alexandrië in Egipte en Aksum, voormalige hoofstad van die Aksumitiese Ryk in Ethiopië, was en is steeds bekend as eeue oue invloedryke Christenbakens in Afrika, aangevul deur Joodse gemeenskappe wat hulle selfs vroeër daar gevestig het.

Na onderrig deur Frumentius, Ethiopië se eerste biskop, aanvaar die jong Aksumitiese koning Ezana die Christelike geloof in 331 n.C. en verklaar dit as die godsdiens van sy ryk. Op die Ezana-tablet (Figuur 9) word sy bekering asook sy oorname van verskeie aangrensende gebiede, waaronder Meroë (Soedan), in Ge’ez beskryf. Geldstukke uit daardie tyd word gemunt met die kruis daarop – van die vroegste geld ooit met hierdie simbool. Die bouwerk van die kerk genaamd Santa Maria van Sion in Aksum neem in 372 n.C. ’n aanvang, wat beteken dat dit waarskynlik die eerste Christenkerk in Subsahara-Afrika was (Hancock 1993:11 e.v.).



**Figuur 9. Aksum: Ezana-tablet geskryf in Ge’ez**
Bron: Sailko, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

Biblioteke in Aksum het hoofsaaklik Christelike dokumente gehuisves, waarvan talle in die 5de en 6de eeu deur Koptiese monnike vertaal is in die ou Ethiopiese taal Ge'ez wat, soos Hebreeus, tot die Semitiese taalfamilie behoort. Ook die Bybel is in Ge'ez vertaal, terwyl die enigste volledige afskrif van die Boek van Henog in dié taal bestaan.

Aksum se status as hoofstad taan mettertyd en aan die einde van die 9de eeu was dit byna ontvolk, deels ook as gevolg van die toenemende bedreiging van Arabiese en Moslem-insypeling óm die Christenryk heen.

Die koningshuis van Aksum regeer Ethiopië tot in die 10de eeu toe dit deur die Zagwe-dinastie onder leiding van prins Lalibela vervang is. In die tweede helfte van die 12de eeu bly dié prins vir 25 jaar as banneling in Jerusalem waar hy ongetwyfeld met die Tempelorde kennis gemaak het. Lalibela keer in 1185 terug na sy geboorteland waarna hy die troon as Zagwe-heerser bestyg.

Volgens Hancock (1993:111–2) verleen die Zagwe-monarge deurgaans voorkeur aan die gebruik van die Ethiopiese benaming *Jan* bo hul talle ander adellike titels. Die woord *Jan*, afgelei van *Jano* wat "koning, majesteit" beteken, verwys na 'n rooipers toga wat slegs deur koninklikes gedra is. Aangesien die Ethiopiese gewaad verkort tot *Jan* klink soos die Dietse persoonsnaam *Jan* afgelei uit *Johannes*, het sowel die Germaans- as Romaanssprekende Europeërs (verkeerdelik) aanvaar dat dit die eienaam van hierdie priester-koning uit Afrika was. Daarby was etlike van die Zagwe-heersers inderdaad ook priesters, wat die vestiging van die benaming "Priester Jan" (in Engels "Prester John") verder vergemaklik het.

Intussen verloop twee eeue onder Zagwe-heerskappy. Hoewel nie aanvanklik Christene nie, aanvaar opvolgende Zagwe-konings wel die Christelike geloof en een abdikeer selfs 50 jaar ná Lalibela se dood ten gunste van 'n monarg wat daarop aanspraak maak dat hy van Salomoniese herkoms was.

Gevolglik word Yekuno Amlak in 1270 die nuwe heerser van Ethiopië. Volgens hierdie keisers word hul stamlyn teruggevoer na Menelik I, seun van die Ou-Testamentiese koning Salomo en die koningin van Skeba (982 v.C.). Die stad Aksum herwin sy status en dien weer eens as geestelike hoofstad van die Ethiopiese Christenryk.

Eers na 700 jaar kom die Salomoniese dinastie in 1974 met die omverwerping van keiser Haile Selassie se regering tot 'n einde (https://en.wikipedia.org/wiki/Solomonic_dynasty; https://www.thecollector.com/solomonic-dynasty-origins-medieval-ethiopia/).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3



**Figuur 10. 13de-eeuse Salomoniese handkruis**
Anoniem, Ethiopië
Bron: The Walters Art Museum (lisensie CC0 1.0 Universal), geplaas sonder aanpassings

Namate inligting oor die bestaan van Christenheersers in Afrika wyer bekend geraak het, het gerugte van die Koninkryk van Priester Jan, en dat hierdie Afrika-Christene die kruistog-gangers in Jerusalem sou kon help, in Armenië en Venesië die rondte begin doen. Niemand het regtig geweet waar die land geleë was nie, hoewel daar geglo is dat dit êrens in Afrika of naby die grens van China was – hulle het inderdaad nie besef hoe ver die Ooste in werklikheid van die Weste verwyder is nie ...!

Om en by 1329 gee die Dominikaanse sendeling Jordanus die eerste duidelike beskrywing van ’n priester-koning genaamd Priester Jan wie se ryk geleë was in Ethiopië, wat hy “die derde Indië” noem.


Tydens die Portugese ontdekkingsreise meer as ’n eeu later, hoor hulle opnuut, hierdie keer by die Arabiere, van ’n groot Christenryk in Oos-Afrika, wat hulle onmiddellik met Priester Jan in verband bring. Dat hy die koning van Indië kon wees, was geen probleem nie, aangesien Indië ’n vae begrip vir die Europeërs was. Vir hulle was daar drie Indiës en Afrika suid van die Sahara was een daarvan.

In 1487 het koning João II van Portugal, grootmeester van die Orde, twee van sy vertroude manne, Pêro da Covilhã (1450–1530) en Alfonso de Paiva (c. 1443–90), ontbied en op ’n sending gestuur om meer te wete te kom oor seilvaarttoestande tussen Afrika en Indië en om met Priester Jan kontak te maak. Die twee het verskillende roetes gekies en toe Da Covilhã ná vele omswerwinge Ethiopië uiteindelik in 1493 bereik, het hy verneem dat De Paiva intussen oorlede is. Volgens Hancock (1992:171) het Da Covilhã hom dadelik by die keiser aangemeld, maar is later vanweë onbekende redes onder huisarres geplaas. Hy is die res van sy lewe daar aangehou en kon dus nie terugkeer om verslag aan die Portugese koning te doen nie. Da Covilhã het nog geleef toe die eerste amptelike Portugese ambassade in 1520 in Ethiopië geopen is. Vader Francisco Álvares (1465–1541), wat lid van die ambassade was, het vir ses jaar in die gebied rondgereis en ’n uitvoerige verslag geskryf oor die “land van Priester Jan van Indië”, aan die hand van wat onder andere Da Covilhã aan hom vertel het.

In 1520 maak ’n Portugese ekspedisie onder leiding van Rodrigo da Lima diplomatieke kontak met keiser Dawit II ook genoem Libna Dengel, seun van Na’od, wat van 1508 tot 1540 in Ethiopië geheers het. Tydens sy besoek in die 1530’s aan die herboude Santa Maria-kerk in Aksum gee Álvares ’n volledige beskrywing van die struktuur, onder andere die skilderwerk aan die binnemure asook ’n plek vir die koor. Die kerk is buite deur ’n stadsmuur omring. Kort na sy besoek is die kosbare inhoud deur die monnike verwyder voordat die Moslemmagte van Ahmed Gragn die stad in 1535 gestroop het.

Tot in die 16de eeu is die ryk van Priester Jan nog op kaarte aangetoon. Op hierdie kaart (Figuur 11) word dit in die Horing van Afrika geplaas en omvat Ethiopië, ook genoem Abessinië.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3




**Figuur 11. Antieke kaart van Ethiopië in Oos-Afrika deur Abraham Ortelius**
*Presbiteri Johannis, sive, Abissinorum Imperii Descriptio* (Priester Jan, synde Keiser van Abessinië)
Bron: BEIC Foundation, Wikimedia Commons (openbare domein)

Uit voorgaande bespreking blyk duidelik dat die Christenryk in Ethiopië gereeld deur die Portugese besoek is en dat hulle die gebied as bastion teen Moslem- en Arabiese indringing beskou het.

Dat die hedentydse Portugese wel Priester Jan en sy ryk as werklikheid ag, blyk uit die volgende:

Agter die Stadsaal, op Flemingplein in Gqeberha (vroeër Port Elizabeth), staan ’n monument gewy aan Priester Jan en die Portugese seevaarders wat om Afrika geseil het (Figuur 12). Die monument is in 1986 deur die eertydse Portugese ambassadeur onthul en bestaan uit ’n groot Koptiese kruis; in die sentrale sirkel sit Priester Jan en ’n Portugese seevaarder. Dit kan met reg beskou word as die enigste monument ter wêreld wat Priester Jan uitbeeld.

Die feit dat ’n Koptiese kruis die hoofmotief van die gedenkteken is, lê ongetwyfeld ’n verband tussen Priester Jan se ryk en ander Christenryke in Afrika.



**Figuur 12. Gedenkteken ter ere van die seevaarders wat na Priester Jan in Afrika gaan soek het**
Die Engelse inskripsie lui soos volg:
*In memory of those seafarers who searched for Prester John – 1145–1645*
Flemingplein, Gqeberha
Foto: Izak de Vries


Twee voorbeelde van Christenkerke wat vandag nog in Noordoos-Afrika bestaan, is die Koptiese Ortodokse Kerk van Egipte wat in ongeveer 49 n.C. deur Sint Markus gestig is en die Ethiopiese Ortodokse Kerk[13] wat ontstaan het nadat die Christelike godsdiens in 331 n.C. amptelik in die Koninkryk van Aksum erken is.

### *2.5 Die Portugese Orde en die Sint Tomas-Christene in Indië*

Afgesien daarvan dat die Portugese op soek was na Priester Jan se Christenryk in Afrika, was een van hul dryfvere om ’n onbedreigde roete na die Verre-Ooste seewaarts te open, die verhaal dat ook in die verafgeleë Indië ’n bastion van geloofsgenote, waaronder die Sint Tomas-

Christene, bestaan het. Portugal het ’n deurbraak na Indië en die Ooste beskou as ideale geleentheid om nie slegs die Christelike geloof in hierdie wêrelddeel verder uit te brei nie, maar ook om ’n handelsryk te vestig wat tot groot materiële voordeel van die vaderland kon strek.

Apostel Tomas (Figuur 13) staan as sentrale aanknopingspunt in hierdie gedeelte van die verhaal. Volgens oorlewering bereik hy in 52 n.C. die plek Muziris aan die Keralakus, tans bekend as Pattanam geleë in die provinsie van Kerala, Indië.




**Figuur 13. Sint Tomas**
Bron: Richard Mortel, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 2.0), geplaas sonder aanpassings

Omdat daar reeds in die eerste eeu n.C. Cochin-Jode in Kerala woonagtig was, was dit dus vir ’n Arameessprekende soos Tomas van Galilea moontlik om ’n reis na Kerala te onderneem sonder kommunikasieprobleme en geloofsteenkanting, soos wat in talle ander soortgelyke ondernemings struikelblokke sou wees.

’n Aantal Romeinse skrywers van die 3de en 4de eeu, waaronder Ambrosius van Milaan, Gregorius van Nazianzus, Hieronimus en Efraim die Siriër, maak melding van Apostel Tomas se reis na Indië. Volgens oorlewering begin Tomas se bekendstelling van Christus se leringe by 32 Bramaanse families, onder andere Pakalomattom, Sankarapuri, Kaliyankal en Kalli (https://en.wikipedia.org/wiki/Saint_Thomas_Christians).

Oos-Siriese setlaars en sendelinge uit Persië vorm saam met die bestaande gemeenskap mettertyd ’n geordende en georganiseerde Christen-teenwoordigheid in Indië, waaruit die Oosterse Kerk teen ongeveer die 3de eeu tot stand kom. Talle lidmate maak steeds daarop aanspraak dat hulle afstam van die aanvanklike families wat deur Tomas bearbei is.

Die Portugese Katolieke Kerk het egter tydens die Sinodesitting van Diamper in 1599 besluit dat die St. Tomas-Christene hulle aan die Westerse godsdiensbeskouing moes onderwerp anders sou hulle vervolg word. Al die antieke tekste is vervolgens verbrand. Hierdie inmenging was gerig op ’n skeuring in die kerk, maar die Eed van die Coonan-kruis (1653) verwerp egter die Roomse en Westerse invloed en herbevestig die Kerk se outonomie (https://ocoy.org/original-christianity/apostle-of-india/).

In die transkripsies van die Kaapse VOC-dagregisters en ander argiefdokumente word telkens melding gemaak van die Sint Tomas-Christene. Wanneer ’n banneling in die VOC-dokumente tot die *parrua(s)* behoort het, is dit so aangedui (VOC-Glossarium 2000:87). Hierdie mense was Sint Tomas-Christene en lidmate van die Siriese Kerk in Indië en afgeskeie Christene onder die Siriese Patriargaat. Die *parruas* was afkomstig van die kus van Madurai en het hulle uitsluitlik op pêrelduikery toegelê.

Hulle het gewoonlik ook Portugese voor- en familiename gehad. In 1725 het “parua” Manuel Francisco de Coenje aan boord *De Jacoba* in die Kaap aangeland. Tien jaar later is Michiel wat in Jaffanapatnam uit die “paruas geslacht” gebore is, na die Kaap verban. Volgens ’n inskrywing van 6 Oktober 1757 is Christiaan Parra, ’n Christen uit die Ooste, teruggestuur na Batavia na uitdiening van ’n vonnis van 15 jaar aan die Kaap (CJ3190).

In die VOC-tyd was Nicolaas Ondaatje van Colombo waarskynlik die bekendste Sint Tomas-Christen aan die Kaap. Hy het in die 1720’s as opgevoede (waarskynlik onskuldig) veroordeelde aan Kaapse vryburgerkinders skoolonderrig gegee en is hier as ’n “vrijswart” beskou en ook so genoem. Soos hy het ook sy Christenfamilie in Colombo meestal Portugese voor- en familiename gehad, onder andere sy ma Juliana Roderigo van Colombo en Evert Perera van Gale (MOOC14/8). Hy is ongeveer tien jaar na sy aankoms in die Kaap oorlede.

### 3. Die Portugese en seevaart

Die Portugese seevaartwetenskap het ontwikkel uit opeenvolgende ekspedisies en ervaring opgedoen van die oseane en seë in en om Europa, terwyl belangrike bydraes ook deur sterrekundiges, navigators, wiskundiges en kartograwe gemaak is. Met verwysing na die uitmuntende opleiding by Sagres skryf Pedro Nunes, 16de-eeuse wiskundige en kosmograaf, dat die toekomstige bemanning van die Portugese skepe daar ten beste toegerus is met kennis, asook voorsien is van instrumente en riglyne waaroor alle kartograwe en navigators behoort te beskik.[14] João de Castro maak belangrike waarnemings van magnetiese deklinasie oor die hele roete om Afrika.[15]

In 1474 dra koning Alfonso V die toesig oor Portugal se handel met Guinee en die verkenning van die weskus van Afrika oor aan sy seun, prins João, later João II. João het probeer om die gebied vir buitelandse skepe te sluit en ná sy troonsbestyging in 1481 het hy nuwe ontdekkingsreise gelas om die suidelike grens van Afrika te bepaal.

Hy stel die gebruik van die *padrão* (klipkruis) in. Hierdie klipkruise is uit Portugese kalksteen gebeitel en in Lissabon gegraveer, met die kruis van die Orde van Christus en die Portugese koninklike staatswapen wat daarop verskyn. Die seevaarders moes hierdie klipkruise oprig om te bewys dat hulle eerste daar was en om sodoende aanspraak van die kroon op ’n bepaalde gebied te bevestig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Die karveel, aanvanklik die naam van ’n soort visserskip aan die Portugese kus, is vanaf ongeveer 1440 tydens ontdekkingsreise gebruik. Die belangrikste kenmerk was die plasing van die mas, ’n derde van die skip se lengte vanaf die voorstewe, waar die skip dan ook gewoonlik op sy breedste was. Dit het die skip nie alleen vinniger gemaak nie, maar ook meer seewaardig en dit kon meer vrag dra. Later is hierdie skepe groter gebou en het drie maste gekry. Die seile is dwars of reglynig gespan. (Kyk https://www.worldhistory.org/Caravel/.)

Kenmerkend van al die Portugese skepe was die Tempelierskruis (Figuur 14), ofte wel die kruis van die Orde van Christus, wat op die seile gepryk het.



**Figuur 14. Model van ’n Portugese karveel as deel van die versameling gehuisves in die Musée national de la Marine, Parys, Frankryk**
Bron: PHGCOM, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

’n Verdrag wat in 1480 tussen Portugal en Spanje gesluit is, bevestig Portugal se alleenreg betreffende handel en ontdekkingsreise veral suidwaarts met die Afrikakus langs, en open sodoende die weg tot nuwe wêrelde.

Drie Portugese ontdekkingsreisigers, Diogo Cão, Bartolomeu Dias en Vasco da Gama, het in amptelike opdrag baanbrekersvaarte langs die kus van Afrika onderneem onder andere op soek na ’n seeweg na Indië. Van elkeen is verwag om ’n klipkruis te plant wanneer hy aan wal sou stap om sodoende Portugese eienaarskap van daardie gebied toe te eien, vandaar die gebruik van die nuutskepping “kruisvaarders” wanneer in hierdie dokument na hulle verwys word. Portugese plekname wat tydens die onderskeie reise om die Suider-Afrikaanse kus toegeken is, is plaaslik van besondere pleknaamkundige waarde aangesien dit selfs vandag nog as taalkundige verryking van/in Afrikaans geld.

***3.1 Diogo Cão, ridder van die Orde van Christus (1452?–86)***

Die eerste kruisvaarder langs die Afrikakus was Diogo Cão, ook genoem Diogo Cam (Figuur 15), wat volgens oorlewering in ongeveer 1452 in Vila Real, Noord-Portugal gebore is. Sy pa was ’n *fidalgo* (edelman) aan die Portugese koninklike hof. Diogo was getroud en die pa van drie seuns en ’n dogter (https://en-academic.com/dic.nsf/enwiki/4701).



**Figuur 15. Diogo Cão**
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

*3.1.1 Eerste reis (1482–4)*


Cão is gekies as leier van João II se eerste ontdekkingsreis wat in 1482 geloods is. Op sy karveel was daar etlike klipkruise om op te rig by belangrike bakens langs sy roete.

**Figuur 16. Hedentydse kaart van Diogo Cão se twee seereise**

Hy vertrek in Augustus 1482 en bereik die mond van die Kongorivier waar hy op 23 April 1483 die *São Jorge*-klipkruis by die *Ponta do padrão* (tans in Zaïre) oprig. In 1642 is dit deur die Nederlanders vernietig tydens hul oorname van die Kongo.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Daarvandaan vaar hy verder suid waar hy op 28 Augustus 1483 by Cabo Santa Maria (Benguella) in Angola die *Santo Agostinho*-klipkruis oprig. Met sy terugvaart seil hy 170 km op met die Kongorivier tot by die Yellala-waterval (Figuur 17). Op die rotse bokant die waterval is in Portugees gegraveer, en in Afrikaans vertaal as: "Hier het die skepe van die roemryke monarg, Dom João II van Portugal aangeland", gevolg deur die name van Diogo Cão en vier van sy medereisigers, genaamd Pedro Anes, Pedro da Costa, Alvaro Pires en Pêro Escolar.



**Figuur 17. Rotse by die Yellala-waterval met inskripsies van Diogo Cão**
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Na sy aankoms in Lissabon op 8 April 1484 word hy deur João II tot kavalier verhef, ontvang 18 000 reaal, asook 'n familiewapen met twee klipkruise op.

*3.1.2 Tweede reis (1484–6)*

Tydens sy tweede reis herbesoek Cão die Kongo en rig twee verdere klipkruise op. Op 18 Januarie 1486 word die *Monte Negro*-klipkruis by Cabo Negro, Angola opgerig. In Maart 1486 volg die tweede een genaamd die *Cabo de padrão* by Cabo da Cruz (vandag Kruiskaap naby die hedentydse Swakopmund, Namibië), waar hy besluit om om te draai ná aflegging van 1 400 km suidwaarts.

In teenstelling met ander vae gegewens oor sy dood maak die volgende verklaring goeie sin: Henricus Martellus Germanus teken in 1489 'n kaart van die kus naby *Serra Parda* (Kruiskaap) met die plek waar Cão 'n klipkruis opgerig het. Hier is hy dan ook oorlede en begrawe op 'n nabygeleë rotsrif met die inskripsie: *et hic moritur* vertaal as "en hier het hy gesterf" – slegs 34 jaar oud.

### *3.2 Bartolomeu Dias, ridder van die Orde van Christus (1450?–1500)*

Byna niks is bekend oor Bartolomeu Dias se vroeë lewe nie en selfs sy geboortejaar is onseker. Sy rang was dié van wapenheer in die koninklike huishouding.




**Figuur 18. Bartolomeu Dias – Nisbeeld deur Coert Steynberg, Suid-Afrikahuis, Londen**
Bron: RedCoat, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 4.0), geplaas sonder aanpassings

Soos reeds genoem, is Pêro da Covilhã en Alfonso de Paiva oorland gestuur om Priester Jan se ryk op te spoor en dit is aan Dias opgedra om die suidelike grens van Afrika te vind. So het dit gebeur dat Dias die eerste Europese ekspedisie gelei het óm die Kaap die Goeie Hoop (1488) en sodoende die weg gebaan het tot ’n seeroete na Asië via die Atlantiese en Indiese oseane.

#### *3.2.1 Die enigste reis (1487–8)*

In Augustus 1487 vertrek Dias se vloot van drie skepe, naamlik sy eie *São Cristóvão*, die *São Pantaleão* onder sy vennoot João Infante, en ’n voorraadskip onder Dias se broer Pêro. Die geselskap het oor die beste loodse beskik, waaronder Pêro de Alenquer en João de Santiago, wat vroeër saam met Cão geseil het. Aan boord was ook ses Afrikane wat deur vroeëre seevaarders na Portugal gebring is.

Volgens die roetekaart (Figuur 19) het Dias verby Cão se merker gevaar en bereik die “Land van Santa Barbara” op 4 Desember, Walvisbaai op 8 Desember, en die *Golfo de São Estevão* (genoem na Sint Stefanus, die eerste martelaar) aan die Namibiese kus op 26 Desember.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

**Figuur 19. Dias se roete al langs die Afrikakus**

Ná 6 Januarie 1488 is Dias deur storms verhinder om kuslangs te vaar en het vir etlike dae suidwaarts buite sig van land geseil sonder om die Kaap te sien. Dias het onwetend sowel Kaappunt as die gevreesde Agulhaskus wat die nagmerrie van die Portugese sou word, verbygesteek.

Die skepe vaar ooswaarts en kom aan by Visbaai, 14 km wes van die huidige Mosselbaai, maar vind geen vars water nie. Hulle vaar verder en op 3 Februarie, die naamdag van Sint Blasius, bereik hulle die baai met ’n waterbron en noem dit *Aguada de São Bras*, wat dwarsdeur die Portugese tydperk gebruik is. Dié pleknaam wat Dias reeds in 1488 toegeken het, was bekend aan Pêro d’Alenquer wat dit aan Da Gama meedeel toe hulle die baai in 1497 besoek.

Dias vaar verder kuswaarts en bereik ’n duinkaap waar daar vars water was, tans bekend as Valseiland of Kwaaihoek, wes van die Boesmansriviermond. Op 12 Maart 1488 rig Dias die *padrão de São Gregório* hier op. Een gedetailleerde 16de-eeuse beskrywing van die Suid-Afrikaanse kus het die ligging van die oorspronklike *padrão* aangegee op wat voorgekom het as ’n eilandjie wat Dias toe *Santa Cruz* (heilige kruis) genoem het. Hy noem dit sy eerste en laaste klipkruis: die eerste van die drie wat hy sou plant, die laaste omdat dit die naaste aan sy omdraaipunt was, aangesien die bemanning nie verder wou vaar nie. Hulle kom egter met hom ooreen om nog enkele dae aan te hou, waarna die skepe omdraai by die monding van die Boesmansrivier waar Dias die plek *Rio do Infante* noem na een van die loodse, João Infante, wat die eerste was om hier aan land te gaan.

In April 1488 tydens die terugvaart bereik Dias die kaap ten weste van die Breederiviermond en noem dit *Cabo de Infante*, waarskynlik ook na João Infante (Raper 1987:88). Hierdie naam kom reeds op ’n kaart van 1502 voor. Die huidige *Kaap Infanta* wat “Kaap van die Prinses” beteken, blyk ’n foutbenaming te wees. Die vroegste Portugese naam van die Breederivier was die *Rio de Nazaret* (Raper 1987:73).

Op 16 Mei, die naamdag van die Ierse monnik Sint Brendanus, bereik Dias die suidelikste punt van Afrika en noem die plek dus *Ponta de São Brandão*, wat teen 1502 genoem is *Cabo das Agulhas* (Kaap van die Naalde), aangevul met ’n verduideliking deur Van Lindschoten: “ ... ‘hoeck van de Compassen’ ofte wel ‘Naelden van de Compassen’ genoem omdat die naald hier ‘fix ende effen’ bly, sonder enige afwyking” (De Kock 1957:206).

Daarna bereik hulle die wye ingang van Valsbaai, maar het dit nie binnegevaar nie. Aan bakboord kon hulle die berge van die Kaapse Skiereiland sien, aan stuurboord Kaap Hangklip en die Hottentots-Hollandberge wat mistig die binneland in verdwyn. Dit word dan vir hulle die *Golfo Dentro das Serras* (golf binnekant die berge), soos op die Martelluskaart aangetoon.

En toe sien Dias die eerste keer self die Kaap! Een weergawe lui dat hy dit *Cabo Tormentoso* genoem het en dat koning João II dit herdoop het na *Cabo de boa Esperanza*. Volgens Duarte Pacheco Pereira het Dias egter self die positiewe naam gegee, want toe Pacheco op die eiland Príncipe by Dias aangesluit het, het laasgenoemde aan hom dié naam genoem en ook verder beskryf wat hulle tydens hul besoek waargeneem het, in Afrikaans soos volg vertaal:

> Hier aan die Kaap die Goeie Hoop is die plantegroei dieselfde as in Portugal want hier is baie kruisement, kamille, bronkors en baie ander plante van dieselfde soorte as in ons eie land. Daar is wilde olywe (olienhout), heide met bessies en baie ander bome soos

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

ons dit het. Lissabon is net so ver noord van die Ewenaar as wat die Kaap die Goeie Hoop suid is. Dus is die uitwerking van die son op die plantegroei omtrent dieselfde, al is die seisoene teenoorgesteld. Dit alles het ons vasgestel deur ervaring ter plaatse. (De Kock 1957:190)

Omdat Dias nou besef het dat die kus hier noordwaarts en noordooswaarts draai, waarskynlik in die rigting van Ethiopië onderkant Egipte en tot by die Golf van Arabië, was die hoop groot dat Indië ontdek sou word, daarom noem hy dit *Cabo de boa Esperanza* – Kaap die Goeie Hoop. Tydens die VOC-bewind het die Kaapse Politieke Raad vir meer as ’n dekade ná Van Riebeeck se aankoms hierdie Portugese naam gebruik en nog lank daarna afwisselend met Cabo de Goede Hoop.

Tydens die terugvaart teen die Weskus langs, rig Dias op 6 Junie sy tweede klipkruis op: die *padrão de São Filipe* by Bordjiesdrif naby Kaap Maclear (Kaappunt). Twee weke later, op 25 Junie, rig hy die derde een op: die *padrão de São Estevão* aan die westelike punt van *Golfo de Christoforus*, sedertdien herdoop na Diaspunt in Lüderitzbaai, Namibië (Raper 1987:119). Daarna doen Dias aan by die *Rio do Resgate* in Liberië, asook die versterkte handelspos van Mina, en bereik Lissabon in Desember 1488, sonder verwelkoming deur die koning of eerbetoon deur sy landgenote.

Dias het die heersende winde in die Suid-Atlantiese Oseaan bestudeer en sodoende die beste seeroetes vir toekomstige ontdekkers aangedui. Hierdie inligting stel Europese kartograwe in staat om die kuslyn van Afrika aansienlik meer getrou op hul kaarte, byvoorbeeld die Martellus-kaart (c. 1489) en die Cantino-planisfeer (1502), aan te toon (Ferreira 2008).

*3.2.2 Kortliks oor Dias se klipkruise*

In al drie gevalle is die oorspronklike vergane kruis vervang deur ’n replika wat op die presiese plek opgerig is. Die eerste klipkruis by Kwaaihoek verdien egter enkele opmerkings:

Fragmente van die oorspronklike kruis is kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog daar ontdek deur Eric Axelson, toe ’n jong geskiedenisnavorser en later professor aan die Universiteit van Kaapstad. Die Universiteit van die Witwatersrand het Axelson versoek om ’n wetenskaplike opgrawing by Kwaaihoek te doen, en saam met plaaslike inwoners het hy byna 5 000 stukkies en brokkies opgespoor. Die gerekonstrueerde kruis (Figuur 20) is in besit van die universiteit en word in die William Cullen Biblioteek gehuisves.

**Figuur 20. Gerekonstrueerde Dias-klipkruis in bewaring by die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg**

*3.2.3 Latere lewe*

Na sy terugkeer bly Dias ’n ruk lank in Guinee, Wes-Afrika, waar Portugal ’n pos vir goudhandel geopen het. Koning Manuel I stel hom later aan om toesig te hou oor die bou van die groter en kragtiger skepe, genaamd *São Gabriel* en *São Raphael*, wat gebruik is vir Vasco da Gama se 1497-ekspedisie na Indië. Dias vaar saam met Da Gama tot by die Kaap-Verdiese Eilande, waarna hy weer na Guinee gaan.

Dias was lid van Pedro Álvares Cabral (1460–1520) se ekspedisie wat op 22 April 1500 aan die kus van Brasilië geland het. Cabral het dié land toevallig ontdek, terwyl hy eintlik op pad na Indië wou wees. Hierdie nuutontdekte land heet aanvanklik "Land van die Heilige Kruis", maar later noem die Portugese wat met brasilhout handel gedryf het dit die "land van brasilhout" – Brasilië. Die skepping van Portugeessprekende Brasilië is eintlik ook ’n artefak van Portugese teenwoordigheid op die ontdekkingsroete, hoewel nie in Afrika nie.

Net die volgende maand (Mei) het Dias met die terugvaart omgekom nadat sy skip vergaan het tydens ’n verwoestende werwelstorm in die Suid-Atlantiese Oseaan, naby die eiland wat later Tristan da Cunha genoem sou word.

Dias se kleinseun, Paulo Dias de Novais,[16] was die eerste kaptein-goewerneur van Portugees-Angola waar hy in 1576 die nedersetting *São Paulo de Luanda* stig.

### *3.3 Vasco da Gama, ridder van die Orde van Christus (1460–1524)*

Vasco da Gama is in 1460 gebore as die derde seun van Estêvão da Gama, ’n provinsiale edelman wat bevelvoerder was van die vesting Sines aan die kus van die provinsie Alentejo, Portugal. Sowel sy pa as oupa en ooms aan moederskant was ridders van die Orde van Christus.

Min is bekend oor sy vroeë lewe. In 1492 het koning João II van Portugal hom na die hawe van Setúbal, suid van Lissabon, en na die Algarve, Portugal se mees suidelike provinsie, gestuur. Daar moes hy Franse skepe beset as vergelding vir Franse vredestydse plundering van Portugese skepe. Da Gama het hierdie taak spoedig en met groot sukses uitgevoer.



**Figuur 21. Vasco da Gama met die Orde van Christus-kruis op sy borswering**
Skilder: António Manuel da Fonseca, 1838
Bron: Wikimedia Commons (openbare domein)

Manuel I heers van 1495 tot 1521 as koning oor Portugal; die magsbalans tussen faksies aan die Portugese hof verskuif ten gunste van vriende en beskermhere van die Da Gama-familie; en 'n belangrike projek herleef, naamlik om 'n Portugese vloot na Indië te stuur om die seeroete na Asië te open. Portugal wou sodoende vir Islam, wat tot dusver 'n handelsmonopolie met Indië en ander Oosterse lande geniet het, letterlik omseil. Waarskynlik omdat die Da Gama-familie se posisie nou gunstig was, is Vasco deur die koning aangestel om die ekspedisie te lei, al het hy min toepaslike ervaring gehad.

*3.3.1 Enigste reis (1497–8)*

Tien jaar na Dias se baanbrekersvaart het Da Gama op 8 Julie 1497 vanaf Lissabon vertrek met 'n vloot van vier skepe: twee mediumgrootte driemas-seilskepe, elk ongeveer 120 ton, genaamd die *São Gabriel* en die *São Rafael* soos reeds genoem, 'n 50 ton-karveel, genaamd die *Berrio,* en 'n 200 ton-voorraadskip. Daar was drie tolke aan boord: twee Arabiessprekendes en een wat etlike Bantoedialekte gepraat het. Aan boord was daar ook klipkruise om langs die roete as merkers op te rig.

Da Gama neem twee belangrike items saam, naamlik 'n wit sybanier met die rooi kruis van die Orde van Christus daarop geborduur, asook 'n omslag met geloofsbriewe vir aflewering aan Priester Jan (Hancock 1993:170).

Die ekspedisie vertrek na die Kaap-Verdiese Eilande, vaar daarna weswaarts by Sint Helena-eiland verby en seil op 22 November om Kaap die Goeie Hoop. Da Gama en sy geselskap bereik *Angra de São Bras* (Mosselbaai) op 25 November 1497, waar hulle 13 dae vertoef en vee by die inheemse stamme ruil. Op 6 Desember laat hy sy eerste *padrão* in die baai oprig en daar naby 'n houtkruis wat van 'n besaansmas gemaak was. Terwyl hulle die volgende dag gereed gemaak het om weg te seil, het die plaaslike inwoners egter reeds sowel die klip- as die houtkruis verniel, blykbaar as uiting van misnoeë teenoor die besoekers.

**Figuur 22. Vasco da Gama se eerste reis na Indië (1497–9)**

Toe hulle op 25 Desember 1497 langs die Pondolandse kus verbyvaar, noem Da Gama die plek *Terro do Natal* (Land van die Geboorte) verwysend na die geboorte van Jesus. Die verslag, waarskynlik 'n dagregister, meld dat daar geen veilige hawe was nie en dat die vee van die inheemse mense weens die geweldige droogte te min was om te ruil.

Jaargang 23, Nommer 1, 2026, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3



**Figuur 23. Tydens sy verbyvaart noem Da Gama die Pondolandse kusstrook *Terro do Natal*, dieselfde omgewing waar die Portugese skip São João in 1552 vergaan het (kyk 4.1).**
Bron: Pierre H. Nortje, Western Cape Numismatic Society (met toestemming geplaas)

Die Afr. woord *tarentaal*[17] is vervorm uit *Terra de Natal* uit *Terro do Natal*, eers as *Ternataalse hoender* (1752), toe *tarentaalse hoender* (1775) en toe *tarentaal* (1822) as selfstandige naamwoord.



**Figuur 24. Kaapse tarentaal**
Bron: Arthur Hickinbotham, Unsplash

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Die geselskap bring ’n maand aan die Noord-Natalse kus deur om voorraad op te bou en liggaamlik te herstel, voordat hulle langs die ooskus opvaar. By Kilimani (langs die Zambezi-rivier) rig hy die tweede klipkruis op, genaamd *padrão de São Rafael*, nie alleen omdat dit uit Paulo da Gama se gelyknamige skip gehaal is nie, maar moontlik ook as teken van danksegging vir die veilige reis tot hiertoe. Van dié *padrão* is daarna geen spoor gevind nie en die terrein waar Da Gama-hulle by Kilimani vertoef het, is mettertyd deur die see weggespoel.

Steeds op soek na Priester Jan se sogenaamde stede, doen Da Gama aan by Malindi. Hy stel toe ’n loods aan, wie se goeie kennis van die toestande in die Indiese Oseaan die Portugese navigator gehelp het om die vaart na Indië in 23 dae af te lê.

Die vloot het op 20 Mei by Kalikoet vasgemeer waar Da Gama die *padrão de São Gabriel* oprig as bewys dat hy Indië bereik het. Kort nadat hy met die Sint Tomas-Christene aldaar kennis gemaak het, is ’n ooreenkoms tussen die twee partye gesluit. Sodoende kon die Portugese hul Rooms-Katolieke weergawe van die Christelike geloof in Indië vestig. Hulle het heel gou die botoon gevoer en gevolglik ’n skeuring in die Sint Tomas-kerk aldaar veroorsaak (kyk 2.5).

Op die terugvaart doen hy een van die Santa Maria-eilande benoorde van Mangalor aan en rig daar sy vierde klipkruis, genaamd die *padrão da Santa Maria* op. Daarna doen hy Mogadishu en weer Malindi aan, waar hy die *padrão do Espirito Santo* oprig. Toe hy Mosambiek bereik, plant hy op 1 Februarie sy laaste klipkruis op die eiland Sint Jorge.[18]

Op 20 Maart het die skepe *São Gabriel* en *Berrio* saam om die Kaap gevaar, maar ’n maand later is hulle deur ’n storm geskei. Da Gama op die *São Gabriel* het voortgeseil na Terceira, een van die eilande in die Asore. Op 9 September bereik hy Lissabon waar hy nege dae later sy triomfantlike intog maak, terwyl hy die tussenpose deurgebring het om te rou oor sy broer Paulo, wat op weg oorlede en in die klooster São Francisco in Angra do Heroismo op die Asore begrawe is. Uit Da Gama se oorspronklike bemanning van 170 het slegs 55 die reis oorleef. Koning Manuel I het aan hom die titel van *dom*, ’n jaarlikse pensioen van 1 000 *cruzados* en eiendomme toegeken.

Die *cruzado* (kruis) was ’n goue munt wat deur Alfonso V (1438–81) uitgereik is om ’n kruistog teen die Turkse oorname van Konstantinopel in 1453 te finansier. Een *cruzado* was destyds 400 reaal werd.

### *3.4 Portugese uitbreiding na die Ooste*

Nadat Vasco da Gama namens Europa die seeweg na Indië geopen het deur dit te “ontdek”, te bevaar en sodoende te bevestig, was die Portugese uitbreiding in die Indiese Oseaan merkwaardig, soos blyk uit die kaart (Figuur 25) waarop die land se invloedsfeer in Indië, die Golf van Bengale en die Himalaja-bergreeks aangetoon word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3




**Figuur 25. Portugese teenwoordigheid in Indië, die Golf van Bengale en die Himalaja-bergreeks van die 15de tot 17de eeu**

Bron: Ferraralentejo, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 4.0), geplaas sonder aanpassings

Aangesien die nuutontdekte Brasilië toe net oor hout en nie oor goud of silwer beskik het nie, vestig die Portugese hul aandag eerder op die Ooste vir handel in onder andere kruie en speserye.

Na Da Gama se aankoms in Kalikoet was die Portugese handelaars hoofsaaklik daar bedrywig, maar Portugese verteenwoordigers verkry plaaslike toestemming om die fort Immanuel (Fort Kochi) en 'n handelspos te bou – die eerste Europese nedersetting in Indië. In 1502 vestig hulle 'n handelskern by Tangasserie, Quilon (*Coulão*, Kollam) vir peperhandel en bou ook verwerkingsaanlegte by Cochin (*Cochim*, Kochi) en Cannanore (*Canonor*, Kannur).

Hoewel António de Saldanha en Francisco de Almeida nie die seeweg om die Kaap ontdek het nie, het albei wel in die Kaapse baai voet aan wal gesit. Uit die volgende bespreking blyk wat hulle hier ervaar het en watter bydrae elkeen sodoende tot die vroeë Kaapse geskiedenis gemaak het.

### *3.4.1 António de Saldanha (voor 1490 tot na 1512)*

António de Saldanha was 'n Kastiliaanse edelman wat sedert 1497 aan die hof van koningin Maria van Aragon in diens was. Aanvanklik voer hy 'n vloot van drie skepe aan as deel van Alfonso d'Albuquerque se vloot op pad na Indië om die Portugese vesting by Cochin te versterk. Hy kry intussen opdrag om die mond van die Rooi See te patrolleer en Arabiese skepe te teister.

Vanweë swak navigasie land De Saldanha in 1503 per abuis aan by die toe nog onbekende Tafelbaai. Hy was die eerste Portugees van wie daar geskrewe vermelding is dat hy dié baai binnegeseil het en ook die eerste Europeër wat teen Tafelberg uitgeklim het. Aansluitend hierby is die geskiedskrywer Barros se skets van die Kaapse skiereiland:

> Hy [De Saldanha] het tot bo-op 'n berg geklim waarvan die kruin baie plat en gelyk is, wat teenswoordig die Tafel van die Kaap van Goeie Hoop genoem word [...] wat bo-op 'n ope plato vorm, pragtig om te aanskou en fris, met plante soos die wilde kruisement en ander flora van Spanje. Die berg noem ons die Tafel (*meza*) van die Kaap. (De Kock 1957:190)

Van 1509 tot 1512 doen De Saldanha diens as kaptein-majoor van Sofala en die Eiland van Mosambiek en keer daarna terug na Lissabon.

*3.4.2 Francisco de Almeida (1450–1510)*

Die Portugese edelman Francisco de Almeida het homself in sy vaderland onderskei in die oorlog teen die Moslemse More van Mauritanië wat in beheer was van dele van Spanje en Suid-Frankryk.

3.4.2.1 In die Ooste

In 1505 benoem koning Manuel I van Portugal hom as eerste onderkoning van die Portugese State van Indië waar hy 'n kragtige vloot opbou, handelsposte open en versterkte vestings bou. De Almeida besoek Ceylon (hedentydse Sri Lanka) waar hy kaneel aantref. Portugese forte in Kerala, Ceylon en Malakka word óf versterk óf gebou om die toenemende vyandigheid deur Moslems binne daardie gebiede en dreigemente deur die Mamluk-sultanaat teen te staan.

Die Slag van Diu wat op 3 Februarie 1509 plaasvind, was 'n deurslaggewende seegeveg tussen 'n Portugese vloot onder aanvoering van De Almeida en 'n veel groter geallieerde vloot van die Mamluk Sultan van Egipte, die Ottomaanse Ryk, die Sultan van Gujarat en die Zamorin van Kalikoet. Sy suksesse was direk die oorsaak daarvan dat die Ottomane en Egiptenare die Indiese Oseaan verlaat het, waarna die Portugese die handel in daardie seegebied vir meer as 100 jaar oorheers het.

Die Portugese se ongelooflike oorwinning het die geopolitieke landskap totaal verander, aangesien dit gelei het tot die Europese oorheersing van die Ooste. Hierdie oorwinning het Portugal in staat gestel om heel gou sleutelhawens in die Indiese Oseaan, onder andere Goa, Ceylon, Malakka en Ormuz, oor te neem. Die Malakka-skiereiland word die strategiese basis vir Portugese handelsuitbreiding met China en Suidoos-Asië.

3.4.2.2 Aan die Kaap

In November 1509 vertrek De Almeida terug na Portugal toe sy opvolger, Alfonso d'Albuquerque, sy pos in Indië oorneem. Hy pak die terugtog met 'n vloot van drie skepe aan, naamlik die *Garcia*, *Santa Cruz* en *Belém*.

In Februarie 1510 gooi die geselskap anker in die baai wat later as Tafelbaai bekend sou raak, dryf suksesvol handel met die Goringhaiqua en vul hul watervate. ’n Skermutseling breek egter uit tussen die bemanning en die inheemse bevolking. Enkele dae later in ’n vergeldingsaanval onder aanvoering van De Almeida kom hy en 65 man, insluitende 11 van sy offisiere, op die strand om toe woedende Goringhaiquas hulle met klippe en stokke aanval. Toe die oorblywende bemanning in Portugal aankom en oor die lot van Don Francisco en die ander gestorwenes berig, was die land in rou gedompel.

*3.4.3 Die Portugese Ryk begin taan en Camões publiseer Adamastor*

Portugal was die eerste Europese land om handelsroetes met Japan en China te vestig toe Jorge Álvares China seewaarts bereik en Hongkong ontdek (1514). Later huur Portugal Macau as handelspos by die Chinese. Die Portugese magsgebied brei uit na die Persiese Golf en verkeer gevolglik in konflik met die Ottomaanse Ryk vir beheer oor die speseryhandel.

Die Portugese Ryk in die Verre-Ooste bereik later Timor (1512), Nieu-Guinee (1526) en Chittagong (1528). In 1529 het die Verdrag van Saragossa ’n lyn vasgestel wat die Spaanse en Portugese sones oos van die Spesery-eilande skei. Dit het Portugal se oorheersing van handel in die Indiese Oseaan bevestig.

In 1524, die jaar waarin Vasco da Gama oorlede is, is Luís Vaz de Camões, een van die grootste Portugese digters, gebore. In sy epiese gedig *Os Lusíados* ofte wel Die Seuns van Lusus (laasgenoemde is die held van Lusitanië van wie die Portugese afstam) wat in 1572 gepubliseer is, het Camões terselfdertyd die bloeityd en ondergang van die Portugese ryk verwoord, en sodoende ’n profetiese toekomsblik op sy geliefde vaderland gewerp (opgesom uit Ferreira 2008):

> Afrika, die “donker vasteland”, is ’n logiese keuse vir die ontstaan van die Adamastor-mite. Die gees van die Stormkaap, genaamd Adamastor (afgelei van *Adam* of van Grieks *adamastos* [ongetem, wild]) was ’n Camões-geskepte mitologiese reus wat verban is tot die see en wat wraak gesweer het teen diegene (Portugese) wat dit om die Kaap durf waag het, deur hulle met storms op see te straf. Hy personifiseer die Kaap van Storms en simboliseer die gevare van hierdie seë. Hy het ’n wrok teen die Portugese omdat hy hul onverskrokkenheid, waagmoed en voortreflike beweeglikheid as seevaarders beny. Die gierende wind is sy stem wat uit die wolke wraak teen die skepelinge bulder en hy beliggaam die gevare en verskrikkinge waarmee hulle te kampe gehad het wanneer hulle om die Kaap van Storms wou vaar. Dias was Adamastor se eerste slagoffer, De Almeida was die volgende, terwyl die adellike egpaar De Sepúlveda aan boord van die São João (kyk 4.1) derde op sy lys was. Da Gama oorleef die reis na en van Indië (waarskynlik) omdat Adamastor as straf deur die gode dit nie verder kon waag om die vreedsame terugvaart van die heroïese Portugese seevaarders weer eens te laat skipbreuk ly nie.

Die Portugese se invloed en aansien in die Ooste het langsamerhand begin taan. Portugal verloor beheer oor Bahrain (1602), Ormuz (1622), Muscat (1650), asook Zanzibar (1698). Intussen is daar goud in Brasilië ontdek, gevolglik verskuif Portugal sy aandag en handelsbedrywighede grootliks na Suid-Amerika.

Die Tagtigjarige Oorlog wat in 1568 tussen Spanje (Rooms-Katoliek) en Nederland (Gereformeerd-Protestants) begin, kom in 1648 finaal ten einde. Nederland se Goue Eeu van voorspoed en vooruitgang op handels- en materiële gebied word ’n werklikheid. In 1604 word

die VOC gestig met die gevolglike uitbreiding van Nederlandse belange in die Ooste waar dié land 'n dominerende rol as koloniale moondheid in daardie wêrelddeel speel en Portugal langsamerhand aansien en invloed verloor.

Presies 264 jaar na Dias se epiese vaart óm die suidpunt van Afrika en 149 jaar nadat De Saldanha in die Kaapse baai voet aan wal gesit het, vestig die VOC in 1652 die Nederlandse nedersetting aan die Kaap. Dit gebeur ná die positiewe verslag wat aan die Here XVII voorgelê is nadat die oorlewendes van die Haarlem wat in 1647 daar gestrand het, vir 'n jaar aan die Kaap kon oorleef in afwagting op die Nederlandse retoervloot uit die Ooste op pad terug na "patria".

## 4. Portugese lotgevalle langs die Afrikakus

Benewens die dood van Bartolomeu Dias in Kaapse stormsee en dié van Francisco de Almeida op die Tafelbaaise strand, is talle ander Portugese seevaarders en bemanning langs die Afrikakus getref deur dieselfde lot soos in Adamastor beskryf. Daar was baie ongevalle nie slegs vanweë die stranding van skepe aan onherbergsame of vyandige strandgebiede nie, maar ook vanweë siektes aan boord.

### *4.1 In die 16de eeu: langs die Suider-Afrikaanse kus*

Die volgende lys handel oor gestrande Portugese skepe in die 16de eeu,[19] hoewel dit nie die enigste seerampe was wat dié land getref het nie:

1552: die *São João* gestrand by Port Edward; 21 uit 500 bemanning oorleef

1554: die *São Bento* gestrand by die Msikaba-riviermond (tussen Port St. Johns en Port Edward); 23 uit 322 bemanning oorleef

1559: die *Santa Maria da Barca* gestrand in die Mosambiek-kanaal

1585: die *Santiago* gestrand by die *Bassas da India*-atol in die Mosambiek-kanaal

1589: die *São Thomé* gestrand in Suid-Mosambiek

1593: die *Santo Alberto* gestrand by Sunrise Beach, noord van Gonubie; twee-derdes van die 285 bemanningslede oorleef as gevolg van die ervare leiding deur kaptein Nuno Velho Perreira (https://www.theheritageportal.co.za/article/tragic-fate-great-ship-sao-joao).

### *4.2 In die 17de eeu: Caap de Goede Hoop*

In die Kaapse VOC-dagregisters vanaf 1651 tot 1791 (VC1–35) kom die woord *Portugees* en variasies daarvan 310 keer voor, die eerste tydens die eerste jaar van Jan van Riebeeck se aankoms, gedateer 1 Oktober 1652: "de particuliere Portugese Mosambicqs vaerders achter dese Taeffelbaij ergens havens hebben" (VC1, Deel 1). In dié tyd was Portugal in 'n oorlog in Europa betrokke en die Kaapse regering het gevolglik die Portugese skepe met agterdog bejeën.

*4.2.1 Die Portugese slaweskip bestem vir Brasilië*

Die Portugese se Atlantiese slawehandel het reeds tussen 1336 en 1341 begin toe Portugese handelaars die eerste Kanariese slawe na Europa gebring het. In 1526 het Portugese seevaarders die eerste skeepsvrag met Afrika-slawe na Brasilië geneem en sodoende die driehoekige Atlantiese slawehandelsroete gevestig.

Waarskynlik een van die belangrikste vermeldings van ’n Portugese skip benewens dié van Dias en Da Gama aan die Kaap, was die Portugese skip van Angola op weg na Brasilië wat deur die bemanning op die Nederlandse skip *Amersfoort* gekaap is en waarvan die eerste groot invoering van slaafgemaaktes in 1658 na die Kaap gebring is. In die Kaapse dagregister (VC2, Deel 1) word soos volg daaroor verslag gedoen:

> Dingsdag 26 Maart 1658
>
> [...] item oock naederhandt op den 10:en Februarij, als wanneer uijt d’ opperhooffden van dien verstonden, dat deselve omtrent de cust van Brasil op omtrent 12 graeden zuijder breete een Portugese Negerprijs (comende van Angola ende tenderende nae de baij Tote la Sanctos) genomen hadden met over de 500 slaven ende slavinnen, daeruijt gelight 250 stx: [... ]
>
> Woensdag 17 April 1658
>
> ’s Morgens heel moij weer; is begonnen ordre te stellen op het school houden voor de Angoolse Comp:s slaven ende slavinnen per Amersfoort uijt de Portugese prijs becomen, welcq school te houden des ’s morgens ende snamiddags, den sieckentrooster Pieter van der Stael van Rotterdam beneffens sijn cranckbesoeckersbedieninge, is opgeleijt, te meer, dewijl seer goet ende prompt in ’t lesen is van recht Hollants Neder-duijts ende omme de gemelte slaven te beter tot het school ende hooren off leeren van de Cristelijcke gebeden te animeren [...] als oocq alle hare namen aengeteijckent ende die geen hadden, namen gegeven, soo wel gepaerde als ongepaerde, jongh ende oudt alles in ’t bijwesen van den Commandeur [...]
>
> Wordende oock elcq na behooren gecleedt voor de coude, die nu dagelijcx begint aen te comen, alsoocq de cloeckste hier ende daer aen ’t wercq gestelt omme soo haest doenlijcq van deselve dienst te mogen trecken.

*4.2.2 Die skip* Nostra Signora de los Milagros

Die skeepsramp wat tydens die VOC-tydperk seker die meeste opskudding veroorsaak het, was die stranding van die Portugese skip *Nostra Signora de los Milagros*,[20] waarvan daar in die VOC-dagregister van 8 Mei 1686 die eerste keer berig word:

> Tegens den avond kwamen thien Portugiesen vant verongeluckte schip Nostra Signora de los Milagros (waaronder een tweede stuirman) hier t’ arriveren, die aan den E: Heer Commandeur te kennen gaven ... haar op den 16:n April jongst door ’t stranden van derselver schip tusschen de Capen d’ Angullas en Falso overkomen te zijn. (VC10)

Die skip met geweldige skatte aan boord, was op weg na Europa met geskenke van koning Phra Narai die Grote van Siam aan koning Pedro van Portugal, Louis XIV van Frankryk en Charles II van Engeland. Benewens ’n groot bemanning was daar ook drie Siamese ambassadeurs as verteenwoordigers van die koning van Siam, op pad na Nederland. Daar was ook drie Jesuïete-priesters aan boord. Toe goewerneur Simon van der Stel verneem van die ambassadeurs en ander moontlike oorlewendes het hy ’n soekgeselskap na Agulhas gestuur om hulle te gaan opspoor. Uiteindelik bereik ’n aantal oorlewendes die Kaap waar na hulle omgesien is terwyl hulle op die retoervloot van die Ooste na Nederland gewag het. Die kaptein van die skip, Don Manuel da Silva, is op 24 Mei aan die Kaap oorlede.

Toe die Portugese offisiere besef dat die wrak nie geberg kon word nie, het hulle die regte van die skip aan die Kompanjie oorgedra. Die goewerneur stuur hierop ’n bergingspan gelei deur luitenant Oloff Bergh, met die opdrag om soveel moontlik van die skatte te vind en Kasteel toe te bring. Nadat ongerymdhede, waaronder diefstal, ondersoek is, word Bergh as hoofverdagte gevonnis. Die aanklag was dat kosbaarhede soos goue items en ’n houer met kosbare musk wat in sy erf begrawe is, daar opgespoor is en sodoende sy aandeel bevestig het. Bergh is deur die Raad van Justisie gevonnis, op Robbeneiland aangehou en later na Ceylon gestuur vir die uitdien van die oorblywende deel van sy straf. Daarna keer hy terug met vermelding van sy goeie gedrag en militêre bydrae tydens sy vonnisuitdiening en word aangestel as hoof van die VOC-milisie aan die Kaap. Hy gaan as gesiene én vermoënde burger voort met sy lewe en kom in 1724 op 80-jarige ouderdom op sy spogplaas Constantia te sterwe.

’n Roerende verslag deur een van die Siamese wat die Milagros-ramp oorleef het, Ok-khun Chamnan – edelman en diplomaat aan die hof van koning Phra Narai – bevestig die Portugese gebruik wat sedert die Orde van Christus se ontstaan gevolg is, naamlik om ’n man van onkreukbare karakter en uit die ridderstand as kaptein van sodanige vaartuig aan te stel: “[...] the captain of our ship. He was a person of quality and considerable wealth, had long been a ship’s captain, and had given valiant service to the king his master on numerous occasions, in which he gave all the proofs of his valour and probity. I do not recall his surname; but I have often heard that there was hardly a more illustrious family in the whole of Portugal” (Smithies 1999:55–6).



**Figuur 26. Ok-khun Chamnan Chaichong**
Portretskets deur die Italiaanse Barokskilder
Carlo Maratta (1625–1713)
Geskandeerde voorblad: Smithies, 1999

### *4.3 In die 18de eeu: vermelding van Portugese skepe*

In die Kaapse VOC-dagregisters word die laaste keer in 1789 melding gemaak van Portugese skepe wat die Kaapse hawe aangedoen het na of van die Ooste. Dit was gebruiklik dat die skip asook die kaptein gemeld word, soos blyk uit die volgende 1789-dagjoernaal-inskrywings:

> 27 Januarij: Het Portugeesch part: schip l’ Extrella d’ Africque gevoerd door de Cap: Louis Gommes, waar mede den 16 Nov: anno passato van Mosambique met een aantal van 80 aldaar ingehandelde slaven na het eiland Mauritius is gedestineerd.
>
> 9 Maart: T Portugeesch particulier schip Princesse de Portugal, Capteijn Bernardo Joseph de Silva zijnde van Sourata na Lissabon gedestineerd.
>
> 15 Maart: T Portugeesch particulier brigantijn schip Sint Gonsalvo de Amarantie, Cap: Joseph Carlos van Rio de Janeiro naer Mosambique bestemd en den 26 Dec: van daar vertrokken.
>
> 24 November: t Fransch Portugees schip le Compte du Staeng, Capt: Charles Lesage, zijnde den 3 Aug:s van Pondecherij vertrokken en met een equipage van 149 koppen en 6 canons aan Lorient bestemd. (VC34)

## 5. Enkele Portugese plekname langs die Afrikakus

Die Portugese maritieme ontdekkings- en besettingslyn volg die plekname van die eilande wat tussen 1419 en 1444 in die Atlantiese Oseaan van Portugal af al langs die Wes-Afrikaanse kus toegeken is, naamlik Madeira, die Asore, die Kanariese Eilande en die Kaap-Verdiese Eilande.

Portugese plekname in Suid-Afrika is vanuit ’n geskiedkundige, kultuurhistoriese asook taalkundige oogpunt van groot waarde. Dit was die eerste plekname wat deur Europeërs hier te lande toegeken is en weerspieël baie van die gebruike en gewoontes van daardie seevaarders, asook van die karakter en leefwyse van die inheemse stamme met wie hulle in aanraking gekom het.

Die Portugese plekname openbaar dat die gewers Rooms-Katolieke was, aangesien talle heiliges in die plekname vereer is, soos *São Franciscus* (St. Francisbaai), *Santa Lucia* (St. Luciabaai) en *Santa Elena* (St. Helenabaai). Hierdie plekname toon aan op watter dae die seevaarders daar geland of verbygevaar het, want die plekke is genoem na die heilige wie se feesdag dit was.

Talle name was beskrywend, byvoorbeeld *Angra Pequena* (*pequena* “klein”) en die Suurberg wat bekend was as die *Serra Branca*, vertaal as Witberge.

Die reisbeskrywings van sowel Dias as Da Gama (ook vasgelê in landkaarte) bevat ’n magdom Portugese plekname, waarvan die meeste deur Dias toegeken is, en stem ooreen met die gebruik in latere VOC-dagregisters waarin ook ’n groot aantal plekname voorkom, meestal van Nederlandse, Portugese of inheemse herkoms.

Sowel Nienaber (1972) as Raper (1987) het gedien as ouer bronne vir die onderhawige navorsing van Portugese plekname langs die Suider-Afrikaanse kus, aangesien die twee publikasies heelwat inligting oor hierdie, tans redelik verouderde, plekname uit so ’n vroeë/vervloë era bevat.

Vervolgens enkele plekname met ’n Portugese geskiedenis.

### *5.1 Tafelberg*

Tafelberg (C1, 15 Oktober 1652) is ’n vertaling van *Taboa do Cabo* wat in 1503 deur admiraal António de Saldanha benoem is en “tafel van die Kaap” beteken, omdat die bokant van die berg so plat soos ’n tafelblad lyk (kyk 3.4.1).

### *5.2 Saldanhabaai*

Aanvanklik was Saldanhabaai (C1, 24 September 1652) se Portugese naam *Agoada de Saldanha*, aan die huidige Tafelbaai gegee. Dit beteken “waterbron van Saldanha” wat vernoem is na António de Saldanha (kyk 3.4.1) van Tafelberg-faam nadat hy en sy geselskap in 1503 daar deur die inheemses gewond is terwyl hulle besig was om water te skep. In 1601 het Joris van Spilbergen by die huidige Saldanhabaai verbygevaar en omdat hy aanvaar het dat hy toe *Agoada de Saldanha* bereik het, het hy daardie plek so genoem. Die naam is dus verskuif van die suidpunt op na die weskus en het so gevestig geraak.

### *5.3 Aguada de São Bras (Mosselbaai) weer eens*

In 1500 het Pedro d’Ataide met dit wat van sy vloot oorgebly het ná ’n vernietigende storm, in hierdie baai gaan skuiling soek. Hy plaas ’n brief met die verslag oor die ramp in ’n ou skoen wat hy daar in ’n groot melkhoutboom ophang. João da Nova besoek die plek ’n jaar later en kry die boodskap veilig in die skoen. Die boom wat baie lank vir daardie doel gebruik is, is vandag ’n historiese monument.[21]

**Figuur 27. Die 600 jaar oue melkhoutboom wat deur die Portugese besoekers as posbus gebruik is (Dias-museumkompleks, Mosselbaai)**

Tydens sy verblyf het Da Nova Suid-Afrika se eerste kerk daar gebou. In Julie 1501 toe hy die inheemse mense met hul beestroppe naby die baai sien, noem hy die plek *Golfo dos Vaqueiros* (baai van herders).

Da Nova was nie die enigste persoon wat die plaaslike bevolking en hul beeste aan land waargeneem en benoem het nie, want reeds in Februarie 1488 noem Dias die huidige Gouritsrivier die *Rio dos Vaqueiros* (rivier van herders) wat lei tot die naam van die baai as *Bahia (Angra) dos Vaqueiros* (baai van herders). In 1601 hernoem die Nederlander Paulus van Caerden die plek tot *Visbaai*, omdat daar volgens hom niks anders buiten vis was om te eet nie.

Daar is vandag nog Portugees in die name van die sekondêre skool São Bras, Diaz Primêr Mosselbaai en die woongebiede De Nova en D’Almeida in die dorp. Die kusstrook in Mosselbaai heet heel gepas Diasstrand.

Die Portugese *São Bras* heet in Frans *Saint Blaise*, wat in Engels oorgeneem en later gegee is aan die kaap waarop tans ’n vuurtoring by Mosselbaai staan (De Kock 1957:116).

Dit lyk asof Paulus van Caerden deurentyd op soek was na kos vir hom en sy bemanning, want in Julie 1601 noem hy die plek waar hy hom toe bevind *Mosselbaaij*, want mossels was die enigste kos wat hy daar kon kry (Raper 1987:361).

### *5.4 Rio de la Goa*

In 1502 ontdek en benoem die Portugese *Rio de la Goa* (Delagoabaai) aan die Suidooskus van Afrika. Enkele dekades later, in 1544, besoek Lourenço Marques die omliggende grondgebied wat later sy naam sou dra. *Goa*, synde 'n verkorting van Rio de la Goa, is op 5 Junie 1653 die eerste keer in die Resolusies van die Politieke Raad aangeteken (C1).

Die VOC het in 1721 'n handelspos in die nabyheid van Rio de la Goa aangelê. Vanweë vele ontberings, waaronder talle sterftes vanweë malaria, noem hulle dit later *Fort Lijdsaamheijd*. Aangesien dit nie 'n ekonomies volhoubare onderneming was nie, kry die Politieke Raad aan die Kaap in 1730 opdrag van Nederland af om die pos te ontruim "[...] en in overweeging genomen weesende dat den Raad van Justitie tot Rio de la Goa vermits het opbreeken van dat comptoir[22] is geaboleert[23]" (C87: Dingsdag den 8 Maij 1731).

Byna 294 jaar na Lourenço Marques se besoek skryf Louis Trigardt in sy dagboek die volgende: "Lijst van alle zielen die met mijn aan de Fort Lourinse Marquis is gekomen: [...]" (Le Roux 1966:181). Na vele ontberinge bereik die Trichardt-trek hierdie Portugese hawe met byna dieselfde tragiese afloop as wat die Nederlanders van Fort Lijdsaamheijd ervaar het. Trichardt sluit op roerende wyse sy dagboek in 1838 hier af met aantekeninge oor sy geliefde vrou se dood aan malaria kort na hul aankoms. Sy was een van talle sterftes in die geselskap.

## 6. Demografiese invloed van Portugese stamverwante en immigrante

Soos blyk uit die volgende bespreking, het Portugese teenwoordigheid reeds van vroeg af die bevolkingsamestelling aan die Kaap beïnvloed. Dit word later, veral in die 20ste eeu, versterk deur groot getalle immigrante wat om verskeie redes Suid-Afrika as heenkome kies.

Tydens die VOC-bewind vestig twee Portugese mans, Ignácio Leopold Ferreira en Manuel João de Oliveira, hulle permanent aan die Kaap. Hulle was oorlewendes op skepe wat op verskillende tye in of by Tafelbaai gestrand het. Albei tree in die huwelik met plaaslike meisies van Europese afkoms en word gevolglik as Afrikaanse stamvaders gereken. Teenoor die talryke Ferreira-nakomelinge is die De Oliveira-oes veel kleiner.

### *6.1 Ignácio Leopold Ferreira*

Volgens Pama (1983:118) is hierdie stamvader c. 1696 gebore en van Lissabon afkomstig. Hy was 'n bemanningslid van die Engelse skip *Chandos* wat tydens 'n geweldige storm in die nag tussen 16 en 17 Junie 1722 saam met talle ander skepe in die Tafelbaaise hawe gestrand het.

Die *Chandos* met kaptein Thomas Gilbert aan die stuur, verlaat die Kaapse hawe reeds die 16de terug na Londen toe dit oorval word deur 'n geweldige storm op see, waartydens die grootmas asook twee kleiner maste daarmee heen is. Gevolglik keer die skip terug na Tafelbaai waar 'n nog groter teenspoed die bemanning tydens die rampnag van 16/17 Junie in Tafelbaai tref. In die Kaapse dagregister word soos volg berig:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

> Woensdag 17 Junie 1722
>
> Den nagt onder het schrikkelijk gehuijl van een stormende W.N.W. wind affgeweken zijnde, quam het dagligt in dier voegen weeder en droevigh te voorschijn, want men zagh tot uijtermaten droefheijt dat alle 's Comp:s vijf scheepen ... insgelijx de scheepen Engelsche Chandos, Nightingale en de Addison tegens het strand waren geslagen.
>
> Het Engelsch schip de Chandos lagh daar naast en met verlies van sijn onderschip met de voorsteven nae zee, zijn de twee menschen van deselve verongelukt [...] (VC11)

Ferreira oorleef die ramp en besluit om aan die Kaap te bly waar hy as soldaat in diens van die VOC tree. Hy het later as kneg by verskeie burgers in die Kaap gewerk, onder andere Anna de Koningh, weduwee van Oloff Bergh van *Milagros*-faam (kyk 4.2).

Op 6 November 1735 trou hy op Stellenbosch met Maria Terblans (Terblanche). Twaalf kinders is uit die huwelik gebore. Die troue self is nie sonder 'n hewige stryd voltrek nie: Maria se Hugenoot-pa was teen 'n huwelik gekant, waarskynlik omdat Ferreira 'n Rooms-Katoliek was. Selfs nadat Ignácio die Protestantse geloof aangeneem het, was Terblans steeds onwillig dat sy dogter met die Portugees trou. Ten einde raad beroep die twee jongmense hulle op goewerneur Simon van der Stel om toestemming tot die huwelik te verkry. Dit is toegestaan.

Later ontvang Ferreira die leenplaas De Hartebeest Kuyl oor die Gouritsrivier en versoek in 1748 om dit in eiendom te kry. Hy is op 24 Mei 1772 "over de berg" (die huidige Overberg) oorlede.

### *6.2 Manuel João de Oliveira*

Volgens Pama (1983:101) was hierdie stamvader ook afkomstig van Lissabon. Hy was kaptein van die Portugese skip *Sint Joseph* wat in 1795 aan die Kaap gestrand het. Die volgende versoek deur hom dat die oorlewende slawe op die skip plaaslik in die openbaar verkoop moes word, verskyn in die Resolusie van Vrydag 20 Februarie 1795 (die primêre bron met meer inligting oor De Oliveira, aangesien die Kaapse dagregister van 1795 nie bestaan nie). Die kaptein se versoek is positief deur die Raadslede oorweeg en uitgevoer:

> Vrijdag den 20 Februarij 1795
>
> Door Manuel João, capitein van 't alhier gestrand portugeesch schip S:t Joseph bij requeste te kennen gegeeven zijnde, dat van de slaaven door hem van gedachte bodem gesalveerd, elf stuks waaren overleeden, voor dat dezelve bij publiecque vendutie zijn verkogt geworden, met verzoek bevrijd te moogen blijven van de gemelde elf overleedene lijfeigenen het gewoon inkomend recht ofte tol van het wrak van zijnen gestrande Bodem dies tuigagie &:e meede in 't openbaar verkogt [...] (C. 229, pp. 2–50)

Op 11 Mei 1795 trou De Oliveira met Johanna van Blerk en daar is vier kinders uit die huwelik gebore.

### *6.3 Portugese in die Suid-Afrikaanse geskiedenis*

Met verloop van tyd het hierdie families van Portugese herkoms, tesame met ander wat die land hul tuiste gemaak het, deel van die Suid-Afrikaanse en in 'n groot mate Afrikaanse sosiale landskap geword. Die eerste Suid-Afrikaanse weekblad, *De Verzamelaar*, is deur Joseph(us)

Jaargang 23, Nommer 1, 2026, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Suasso de Lima (1791–1858) van Amsterdam begin. Hy was van Portugees-Joodse (Sefardiese) afkoms en bekeerde Protestant. João Albasini was ’n onontbeerlike skakel tussen die Voortrekkers en die Portugese van Mosambiek en een van etlike Portugese wat ’n rol in die latere Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gespeel het. Die Portugese owerheid het ook toestemming aan president Paul Kruger en sy regering verleen om ’n spoorlyn na Lourenço Marques te bou. Tydens die Dorslandtrek nooi die Portugese owerheid in Angola die trekkers om hulle daar te vestig, waarna 57 gesinne wat hulle in 1880 by Humpata vestig, grond ontvang om te boer.

In die 20ste eeu immigreer talle Portugese veral uit Madeira na Suid-Afrika op soek na beter ekonomiese omstandighede. Tydens die politieke onrus in Angola en Mosambiek vind ’n groot aantal vlugtelinge ’n heenkome in Suid-Afrika. In etlike Suid-Afrikaanse stede en dorpe is daar Portugese gemeenskappe wat hoewel tradisievas, goed by die plaaslike leefwyse in- en aanpas. Op akademiese gebied is daar etlike Portugese uitblinkers en op kultuurgebied onderskei onder andere Manuel Escorcio hom as operatenoor en sanger van ligte Afrikaanse musiek. In 1981 ontvang hy die Orde van Infante Dom Henrique van die Portugese regering.

## 7. Gedenktekens en eerbetoon

Interessant genoeg word Dias in Suid-Afrika en Da Gama in Portugal as die belangrikste ontdekkingsreisiger langs die Suid-Afrikaanse kus geag.



### *7.1 Dias*

#### *7.1.1 In Kaapstad*

Die standbeeld (Figuur 28) is geskenk deur die Portugese regering aan die mense van Suid-Afrika, ter herdenking van die 300-jarige viering in 1952 van die vestiging van die Kaap die Goeie Hoop, hoewel dit eers op 12 Maart 1960 by die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery in die Kompanjiestuin,

Kaapstad onthul is. Die standbeeld is later verskuif na die Heerengracht naby dié van Jan en Maria van Riebeeck “om naby die hawe-ingang, die Poort van Afrika, te staan” (aangehaal uit https://af.wikipedia.org/wiki/Bartolomeus_Dias-standbeeld).

**Figuur 28. Dias-standbeeld in Kaapstad**
Bron: Bartolomeu Dias, Wikimapia

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

*7.1.2 In Mosselbaai*

Op 3 Februarie 1989 is die Mosselbaai-museum hernoem tot die Bartolomeu Dias Museum ter herdenking van Dias en sy geselskap se besoek in 1488 aan die baai.

Die kompleks bestaan uit die historiese Graanskuur, die Seevaartmuseum waar die Portugese seevaartgeskiedenis vanaf 1488 asook Portugal se verbintenis met die Nederlandse en Engelse ontdekkingsreisigers uitgebeeld word, asook die Skulpmuseum en Akwarium wat aansluit by die seetema van die hoofmuseum.[24]

Dias (Figuur 29) met die *padrão* as stewige rugsteun staan naby die posboom en die Dias-museumkompleks in Mosselbaai.



**Figuur 29. Dias-standbeeld by Museumkompleks, Mosselbaai**
Bron: PHParsons, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

In 1988 vertrek kaptein Emilio Carlos de Sousa en sy bemanning van Portugal op die nuutgeboude karveel, genaamd *Bartolomeu Dias* (Figuur 30), met die oogmerk om Mosselbaai op 3 Februarie 1988 te bereik – presies 500 jaar na Dias se aankoms in die baai. Die 17 bemanningslede het bestaan uit Portugese en Suid-Afrikaanse vrywilligers.

**Figuur 30. Nuutgeboude karveel, genaamd *Bartolomeu Dias*, word in die Dias Museum gehuisves.**

### *7.2 Vasco da Gama*

#### *7.2.1 In Suider-Afrika*

Daar is 'n monument vir hom in Sint Helenabaai en 'n beeld in Johannesburg; buite die landsgrense is daar ook 'n beeld langs die kus van Mosambiek om sy vaart daarlangs te eer, asook 'n Da Gama-gietysterfontein en 'n borsbeeld van hom in Durban (Ferreira 2010:80–1).

#### *7.2.2 In Portugal*

**Ponte Vasco da Gama**

Die 12,3 km lange brug oor die Taagrivier in Lissabon (Figuur 31) is op 29 Maart 1998 geopen vir die 500-jarige herdenking van Vasco da Gama se vaart van Europa na Indië.




**Figuur 31. Lugfoto van die Vasco da Gama-brug oor die Taagrivier, Lissabon**
Bron: Till Niermann, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

### *7.3 Padrão dos Descobrimentos (Monument van die Ontdekkingsreise)*

Die grootste *padrão* ter wêreld (52 m hoog) is in 1960 in Lissabon ingewy ter ere van prins Hendrik en ander rolspelers in die Portugese seevaartgeskiedenis (Figuur 32). Grootmeester Hendrik staan op die voorstewe en kyk uit oor die Atlantiese Oseaan. Die drie Afrika-kruisvaarders word aan hierdie kant van die *padrão* uitgebeeld (Figuur 32): Net agter prins Hendrik is koning Alfonso V en direk agter hom in voorkeurposisie, Da Gama. Heelwat laer af beur Dias en Cão saam om die swaar klipkruis regop te kry/hou – heel simbolies, gedagtig daaraan dat hulle die swaarste kruise moes dra, letterlik en figuurlik.

Talle seevaarders het naby die Belém[25]-toring met hul reis begin.




**Figuur 32. *Padrão dos Descobrimentos*. Een sy van die reuse *padrão* in Lissabon met bekende geskiedkundige name in die Portugese seevaartgeskiedenis**
Bron: Walrasiad, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 3.0), geplaas sonder aanpassings

Aan die keersy is onder andere die enigste vrou wat uitgebeeld is, naamlik koningin Philippa van Lancaster, ’n Engelse adellike. Sy was die eggenote van koning João I en ma van prins Hendrik. Op haar sterfbed in 1415 (tydens die Swart Dood) hoor sy glo ’n sterk wind waai en toe sy verneem dat dit die noordewind was, sê sy dat dit heel gunstig sou wees vir haar man en seun se reis na Afrika, wat nog deur haar gereël is.

### *7.4 Kompasroos*

Voor die *padrão*-monument is Suid-Afrika se geskenk uitgelê: die reuse- marmerkunswerk (Figuur 33) bestaande uit ’n 32-puntige kompasroos, *Rosa dos Ventos*, wat herinner aan die betekenis van die pleknaam *Caap Agulhas*. In die kern van die kompasroos is daar ’n kaart van al die roetes en datums van die Portugese seereise, wat omtrent die hele aardbol omspan het. Die tradisionele Portugese golfpatroon omraam as versiering die kaart en kompasroos.

Hierdie pragtige blyke van die ontstaansverband tussen Portugal en Suid-Afrika is uitgelê aan die voet van die reuse-*Padrão* op die oewer van die Taagrivier en digby die toring van Belém en die São Jerónimos-klooster met die praalgrafte van Vasco da Gama en Luís Vaz de Camões.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3



**Figuur 33. Rooskompas in Lissabon geskenk deur Sui-Afrika**
Bron: Vitor Oliveira, Wikimedia Commons (lisensie CC BY-SA 2.0), geplaas sonder aanpassings

## 8. Slotgedagtes

Die Portugese se aanvanklike Tempeliersoeke na en ondersteuning van Christenryke in Afrika en die Ooste het onbewustelik die grondslag gelê vir die toekomstige vestiging en ontwikkeling van ’n Christenryk aan die suidpunt van Afrika. Na verloop van 370 jaar se geestelike beywering blyk uit die 2022-sensus dat ongeveer 85% van die Suid-Afrikaanse bevolking hulself as Christene beskou (https://en.wikipedia.org/wiki/Religion_in_South_Africa).

Dit was danksy Portugese volharding in die persoon van Bartholomeu Dias, dat die Kaap as toegangspoort tot Suider-Afrika geopen is. Hoewel eer ook die ander seevaarders langs die Afrikakus toekom, word Dias uitgesonder vir sy geweldig belangrike bydrae tot die ontdekking, naamgewing én opening van *Cabo de Boa Esperanza* aan die suidpunt van Afrika, aangesien daar reeds toegang na Noord- en Wes-Afrika bestaan het. Hy het ook bewys dat daar óm Afrika ’n seeweg na die Ooste gevind kon word en het tydens sy reis reeds ongeveer vyf-negendes van die afstand van Lissabon na Indië afgelê.

Dias het ook die eerste kulturele verbinding tussen Suid-Afrika en Portugal gelê (Coetser 2014) en die weg gebaan vir die latere VOC-teenwoordigheid met ’n gedeelde Europese en Westerse erfenis. Mettertyd het mense van Portugese afkoms, sowel stamverwante as immigrante, hierdie suiderland hul tuiste gemaak. So word hulle deel van die Suid-Afrikaanse samelewing en speel ’n rol in die bevolkingsamestelling van die land.

Van uitsonderlike taalkundige waarde is die groot aantal plekke langs die Suider-Afrikaanse kus wat deur die Portugese seevaarders benoem is en waarvan talle name steeds bestaan. Hierdie verwysings tesame met die inheemse en Nederlands-Afrikaanse benoemings besorg aan die kusgebiede ’n erflating van besondere en unieke pleknaamwaarde.

Sonder die ingeskape karaktereienskappe van oortuiging, waagmoed en deursettingsvermoë van die Portugese ontdekkingsreisigers langs die Afrikakus wat volhardend as oorwinnaars uit die verbete stryd met Adamastor getree het en die fakkel kultuurhistories brandend gehou en aangegee het vir wie dit wou oorneem, sou hierdie verhaal wat oor sewentien eeue strek, waarskynlik nie (so – en in Afrikaans) vertel kon word nie.



**Figuur 34. Windberg, Tafelberg en Leeukop vanaf Bloubergstrand – ’n eeue oue panoramiese uitsig op *Cabo de boa Esperanza***
Schalk Liebenberg Fotografie, Facebook@SWVideo13 (dekfoto)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

**Bibliografie**

***Getranskribeerde inhoud van dokumentreekse gehuisves in die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens***

Kaapse Boedelrekeninge (MOOC14)

Kaapse VOC-Daghregisters (VC1–35, 1651–1791)

Kaapse VOC-Raad van Justisie (CJ3190)

Resolusies van die Politieke Raad van Kaap de Goede Hoop (C1–231, 1651–1795)

***Gepubliseerde bronne***

Axelson, E. 1973. *Congo to Cape. Early Portuguese explorers*. Geredigeer deur G. Woodcock. Londen: Faber en Faber.

Basson, J.L. 1988. Die invloed van Portugese ontdekkers en immigrante op Suid-Afrika. *Lantern: Tydskrif vir kennis en kultuur 37(1)*. Pretoria: Die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.

Brommer, B. (red.). 2009. *Grote Atlas. Deel V: Afrika*. Voorburg: Asia Maior.

Coetser, J.L. 2014. Dias en Da Gama, Van Wyk Louw en Camões (her)besoek. *Literator*, 35(1): Art. 1088, 9 bladsye.

De Kock, W.J. 1957. *Portugese ontdekkers om die Kaap*. Kaapstad: A.A. Balkema.

Ferreira, E. en J. Melville. 2012. *Die stamvader van die Ferreiras in Suid-Afrika*. Jaarringe. Webjoernaal van die Jeffreysbaaise Genealogiese Geselsgroep.

Ferreira, O.J.O. 1993. Ignácio Ferreira (1695–1772), Portugese stamvader van ’n Afrikaner-familie. *Historia*, 38(2).

—. 2008. *Adamastor, Gees van die Stormkaap*. Jeffreysbaai en Gordonsbaai: Adamastor.

—. 2010. *Dias, Da Gama en die Khoikhoin: ontmoeting van kulture aan die Suidpunt van Afrika*. Jeffreysbaai en Gordonsbaai: Adamastor.

Grabert, W. en A. Mulot. 1966. *Geschichte der Deutschen Literatur*. München: Bayerischer Schulbuch-Verlag.

Hancock, G. 1993. *The sign and the seal*. Londen: Read International Books.

Instituut voor Nederlandse Geschiedenis. 2000. *VOC-Glossarium*. Den Haag.

Jung, E. en M-L. von Franz. 1998. *The grail legend*. Vertaal deur A. Dykes. Princeton: Princeton University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Krynauw, D.W. 1969. Kaap Kruis. *Publikasies van die Historiese Monumentekommissie van Suidwes-Afrika, No. 4*. Kaapstad: ABC Pers (Edms.) Bpk.

*Lantern, tydskrif vir kennis en kultuur. Volume/Jaargang XIV, no. 3. Maart–Mei 1965. Spesiale uitgawe oor Portugal*. Pretoria: Die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.

Le Roux, T.H. 1966. *Die dagboek van Louis Trigardt*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Liebenberg, H. 2020a. Indigenous place names in VOC Cape documents. In Loth (red.) 2020.

—. 2020b. People of the early Cape: What VOC documents reveal. 2020 UCT Summer School course lecture, Dinsdag 21 Januarie. (www.tracinghistorytrust.co.za).

Loth, C-R. (red.). 2020. *Recognition, regulation, revitalisation: Place names and indigenous languages*. Verrigtinge van die 5de internasionale simposium oor plekname 2019. Bloemfontein: SunBonani.

Nienaber, P.J. 1972. *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek, Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Pama, C. 1983. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*. Kaapstad: Human & Rousseau Uitgewers (Edms.).

Postma, F. 1982. *Beknopte Woordeboek: Latyn–Afrikaans*. Kaapstad–Pretoria: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Raper, P.E. 1987. *Dictionary of Southern African place names*. 2de uitgawe. Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers.

Ravenstein, E.G. 1900. The voyages of Diogo Cao and Bartholomew Dias 1482–88. Herdruk in 1986 uit *The Geographical Journal*, 16(6):625–50. Met ’n voorwoord deur M.A. Botha. Pretoria: Die Staatsbiblioteek.

Smithies, M. 1999. *A Siamese embassy lost in Africa 1686. The Odyssey of Ok-Khun Chamnan*. Thailand: Silkworm Books.

Van Wijk, G. (red.). 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Walters, N. 2025. Die verlore Lissabon ambassade in Kaap Agulhas. In Walters (red.) 2025.

Walters, N. (red.). 2025. *Agulhas Erfenis Joernaal 1/2025 April*. Sesmaandelikse publikasie van die Agulhas Erfenisvereniging, Struisbaai. Struisbaai: Printit.

***Elektroniese bronne***

Adamastor: https://en.wikipedia.org/wiki/Adamastor (22 September 2025 geraadpleeg).

Aksum: https://en.wikipedia.org/wiki/Axum (20 April 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

Apostel van Indië: https://ocoy.org/original-christianity/apostle-of-india/ (22 September 2025 geraadpleeg).

Croix pattée: https://en.wikipedia.org/wiki/Cross_pattée (21 April 2025 geraadpleeg).

Dias Museumkompleks: https://diasmuseum.co.za/ (22 September 2025 geraadpleeg).

Dias se eerste klipkruis: https://www.sahistory.org.za/dated-event/portuguese-navigator-bartholomew-dias-erects-first-stone-cross-south-african-coast (26 April 2025 geraadpleeg).

Diogo Cão: https://en.wikipedia.org/wiki/Diogo_Cão (19 April 2025 geraadpleeg).

Ethiopiese keiserlys: https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_emperors_of_Ethiopia (22 September 2025 geraadpleeg).

Ezana-tablet, Aksum: https://en.wikipedia.org/wiki/Ezana_Stone (8 Oktober 2025 geraadpleeg).

Ferreira-stamvader: https://jaarringe.blogspot.com/2012/08/die-stamvader-van-die-ferreiras-in-suid.html (22 September 2025 geraadpleeg).

Francisco de Almeida: https://en.wikipedia.org/wiki/Francisco_de_Almeida; https://www.azores-adventures.com/2024/06/d-francisco-de-almeida-the-forgotten-portuguese-who-changed-the-tide-of-history-1.html (22 September 2025 geraadpleeg).

Godsdiens in Suid-Afrika: https://en.wikipedia.org/wiki/Religion_in_South_Africa (22 September 2025 geraadpleeg).

Hendrik die Seevaarder: https://en.wikipedia.org/wiki/Prince_Henry_the_Navigator (24 April 2025 geraadpleeg).

Jacques de Molay: https://en.wikipedia.org/wiki/Jacques_de_Molay (23 April 2025 geraadpleeg).

Nicolaas Ondaatje: https://www.taaloord.co.za/argief.htm (21 April 2025 geraadpleeg).

Oorsig van Portugal: https://en.wikipedia.org/wiki/Outline_of_Portugal (27 April 2025 geraadpleeg).

Pondoland: https://www.wcnumsoc.com/ancient-greek-and-roman-coins-pondoland-south-africa-part-1 (20 Januarie 2026 geraadpleeg).

Portugese ontdekking van die Afrikakus: https://www.the-map-as-history.com (23 April 2025 geraadpleeg).

Portugese ontdekkingsvaarte: https://en.wikipedia.org/wiki/Portuguese_maritime_exploration (30 April 2025 geraadpleeg).

Portugese slawehandel: https://en.wikipedia.org/wiki/Slavery_in_Portugal (22 September 2025 geraadpleeg).

Salomoniese dinastie: https://en.wikipedia.org/wiki/Solomonic_dynasty; https://www.thecollector.com/solomonic-dynasty-origins-medieval-ethiopia/ (14 Mei 2025 geraadpleeg).

Sint Tomas-Christene: https://en.wikipedia.org/wiki/Saint_Thomas_Christians (22 September 2025 geraadpleeg).

Skeepswrakke: https://www.theheritageportal.co.za/article/tragic-fate-great-ship-sao-joao (22 September 2025 geraadpleeg).

Tempeliersdrag: https://www.parismuseescollections.paris.fr/fr/musee-carnavalet/oeuvres/costumes-de-paris-a-travers-les-siecles-charpentiers-compagnons-du-devoir#infos-principales (16 Januarie 2026 geraadpleeg).

Tempelorde: https://en.wikipedia.org/wiki/Knights_Templar (15 April 2025 geraadpleeg).

Vasco da Gama: https://en.wikipedia.org/wiki/Vasco_da_Gama (26 April 2025 geraadpleeg).

VOC-glossarium: http://www.inghist.nl/rgp/werkbest/voc/welkom.htm (22 September 2025 geraadpleeg).

## Eindnotas

[1] Hierdie artikel is ’n herbewerkte en uitgebreide weergawe van die aanbieding gelewer op 24 Mei 2025 tydens die byeenkoms van die Agulhas Erfenisvereniging gehou op Agulhas, Wes-Kaap ter herdenking van Bartolomeu Dias wat op 14 Mei 1488 tydens sy terugreis na Portugal die suidste landmassa vir die eerste keer gesien en dit *Ponte de São Brendão* genoem het. Met besondere dank aan die Erfenisvereniging se Heemhuis-biblioteek vir die beskikbaarstelling van bronne vir onderhawige navorsing.

[2] Bernard van Clairvaux (Bernardus Claraevallensis) was ’n monnik, mistikus en medestigter van die Tempelorde. Hy en Hugues de Payens formuleer die Latynse gedragskode van die Orde.

[3] https://en.wikipedia.org/wiki/Knights_Templar.

[4] Die Tempelberg is ’n heuwel in Jerusalem en een van die belangrikste godsdiensterreine in die wêreld. Dit word al duisende jare deur die Judaïsme, Christendom en Islam as ’n heilige plek beskou.

[5] Boudewyn II van Jerusalem (c. 1075–1131) dra die Tempel op aan De Payens en Godfried de Saint Omer (1076–1160). Boudewyn was die naam van die hertoë van Vlaandere. Die Portugese owerheid het goeie handelsbetrekkinge met Vlaandere gehandhaaf.

[6] Die woord beteken dieselfde as die Afrikaanse familienaam Senekal (Pama 1983:298). In ’n Middeleeuse koninklike huishouding was die senekal in beheer van huishoudelike reëlings en die administrasie van bediendes, wat sou impliseer dat hy toesig oor honderde werkmense, bediendes en hul betrokke verantwoordelikhede gehou het en heelwat gesag in die gemeenskap gehad het.

[7] https://en.wikipedia.org/wiki/Cross_pattée.

[8] Die kelk hou verband met die Heilige Graal.

[9] Rocco de Villiers se e-kommentaar op Pierre Massyn se artikel op Maroela Media (5 Junie 2025) lui soos volg: "Gerard de Villiers het in 1307 met ongeveer 19 bote vanaf La Rochelle na Tomar in Portugal en Skotland gevlug, die aand voor Vrydag die 13e [...] die res van die Tempeliers het vanaf Lyon oor Mont Blanc na Switserland gevlug en hulle daar gevestig."

[10] Geoffroi de Charney (meester van Normandië), Hugues de Peraud (besoeker van Frankryk) en Godefroi de Gonneville (meester van Aquitaine).

[11] Rotskoepel: Eng. *Dome of the Rock*, Port. *Mesquite da Rocha*.

[12] Wolfram von Eschenbach (c. 1160/80 tot c. 1220) was 'n Duitse ridder, digter en komponis, en word beskou as een van die grootste epiese digters van die Duitse Middeleeuse literatuur. As minnesanger skryf hy ook liriese poësie. Kyk Grabert en Mulot (1966:39–41).

[13] Tans bekend as die Ortodokse Kerk Tewahedo waar laasgenoemde woord beteken "verenig as een".

[14] Afrikaanse vertaling uit https://en.wikipedia.org/wiki/Prince_Henry_the_Navigator.

[15] https://en.wikipedia.org/wiki/Portuguese_maritime_exploration.

[16] Paulo Dias de Novais (c. 1510 tot 9 Mei 1589), kleinseun van Bartolomeu Dias, was 'n *fidalgo* aan die koninklike hof; as 16de-eeuse Portugese kolonialiseerder in Afrika stig hy São Paulo de Luanda, naby die eiland van Luanda, Angola.

[17] *Tarentaal* soos ontleed in Van Wyk 2003:474–5.

[18] Soos blyk uit die gegewens is slegs een van die ses klipkruise wat Da Gama op sy reis geplant het, op Suid-Afrikaanse bodem opgerig, naamlik by *Aguada de São Bras* (Mosselbaai), maar dié is selfs voor sy vertrek deur die inheemse mense geskend en later waarskynlik vernietig. Van die oorspronklike Vasco da Gama-*padrão* waarna die 1938-replika in die Kaap de Goede Hoop Nasionale Park (Kaappunt) verwys, kon geen aangetekende argiefbewys gevind word nie.

[19] https://www.theheritageportal.co.za/article/tragic-fate-great-ship-sao-joao.

[20] Die vertaling van dié Portugese skeepsnaam is "Ons liewe Vrou van Wonderwerke", waar die vrou verwys na Moeder Maria.

[21] https://diasmuseum.co.za/.

[22] *comptoir* (handelspos).

[23] *aboleeren* (afskaf, ophef, intrek, tot niet maak, uitdelg).

[24] https://diasmuseum.co.za/complex/.

[25] Naam van Francisco de Almeida se skip.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b3

**Bylaag**

| TYDLYN VAN BELANGRIKSTE GEBEURE | |
|---|---|
| **Tydsverwysing** | **Gebeurtenis** |
| Einde 1100 | Portugese en stigting van Tempelorde van Jerusalem |
| 1307–1312 | Tempeliers vervolg, Orde ontbind in Europa |
| 1318 | Tempelorde herleef as Orde van Christus in Portugal |
| 1394–1460 | Prins Hendrik die Seevaarder brei Portugese seevaart uit (Sagres) |
| 1300–1600 | Priester Jan se Christenryk in Afrika, Sint Tomas-Christene in Indië |
| 1500 | Portugese seevaartontwikkeling gerig op roete om Afrika |
| 1482–4 | Diogo Cão se eerste reis langs Afrikakuslyn, klipkruise |
| 1484–6 | Diogo Cão se tweede reis langs Afrikakuslyn, klipkruise |
| 1487–8 | Bartolomeu Dias, enigste reis, ontdek roete om Kaap, klipkruise |
| 1497–8 | Vasco da Gama, enigste reis, vaar om Afrika, bereik Indië, klipkruise |
| 1503 | António de Saldanha land per abuis in Tafelbaai, klim teen Tafelberg uit |
| 1510 | Francisco de Almeida in Tafelbaai gedood deur Goringhaiquas |
| 1572 | Luís Vaz de Camões dig *Os Lusíados* met Adamastor as gees van die Stormkaap |
| 1658 | Portugese slaweskip van Angola gekaap deur *Amersfoort*, eerste Kaapse slawe |
| 1686 | Stranding van Portugese skatskip *Milagros* by Agulhas en Oloff Bergh se aandeel |
| 1722 | Ignácio Leopold Ferreira, skip strand in Tafelbaai, Afrikaanse stamvader |
| 1795 | Manuel João de Oliveira, skip strand aan Kaap, Afrikaanse stamvader |
| 19de eeu | Portugese bydrae in Suid(er)-Afrika deur individue en owerhede |
| 20ste eeu | Portugese immigrante uit Madeira, Angola en Mosambiek na Suid-Afrika |
| | Gedenktekens en blyke van eerbetoon in Suid-Afrika en Portugal |